



**Feesty / Samekomste / Vasgestelde Tye  
van Yahuweh**



Johan Marais  
Junie 2015

## Inhoud

Aan die Leser.....	3
Inleiding.....	3
Die Jaarlikse Feeste.....	6
Kalender.....	8
Begin van die Skriftuurlike Jaar.....	9
Ander opinies.....	10
Begin van die Week.....	12
Begin van 'n Dag.....	13
Vaste Tyd / Vasgestelde Tyd / Bepaalde Tyd / Afsprake.....	14
Feesvierings / Feeste van die Yehudim (Jode)?.....	16
Hoe Lank is die Onderhouding van die Feeste van Toepassing?.....	18
Die Feeste / Vasgestelde Tye van Yahuweh.....	22
Sabbat.....	22
Pasga / Pesach.....	25
Week of Fees van Ongesuurde Brood / Matzot.....	27
Beweeg / Wuif van die Eerstelingsgerf / Yom HaBikkurim.....	28
Fees van Weke / Pinksterfees / Shavu'ot.....	29
Trompetfees / Fees van Geluide / Teru'ah.....	31
Dag van Verootmoediging / Versoendag / Yom haKippurim.....	31
Huttefees / Fees van Tydelike Wonings / Sukkot.....	32
Tydlyn van die Feesdae / Samekomste / Vasgestelde Tye.....	33
Wat is ons op die Vasgestelde Tye / Feesdae geoorloof om te mag doen?.....	34
Sabbats-“jaar”.....	35
Jubel-“jaar”.....	36
Nuwe Maan Fees.....	37
Ander Feeste.....	40
Skrifgedeeltes wat Tradisioneel op Vasgestelde Dae Gelees en Bestudeer Word.....	41
Meer oor die sogenaamde “Vervangingsteologie”.....	42
Opsomming.....	44

**Aan die Leser**

Sekere van die terme wat in hierdie artikel gebruik word kan dalk onbekend vir die leser wees. Hieronder volg 'n lys van sommige daarvan. Daar is ook voetnotas vir verdere verduideliking.

<b>Tradisioneel</b>	<b>Korrek</b>
Here / Die Here	Yahuweh/ Yahweh In Hebreeus: יהוה
Jesus	Yahushua / Yahshua In Hebreeus: יהושע
Christus	Messias
GOD	Elohim
Ou testament	Tanach / Eerste Geskrifte
Nuwe testament	Tweede Geskrifte / Nuwe / Hernude Verbond
Bybel	Skrif
Wet	Torah, eerste 5 boeke van die Skrif. Meer korrek 'lering'
Paulus	Sha'ul
Ek het nie die name van die boeke in die Skrif na die meer korrekte Hebreeuse vorm verander nie, bloot om dit vir die leser makliker te maak om die verwysings te volg.	

**Inleiding**

VOORDATEK VERDER gaan met die artikel is dit nodig dat ek my posisie ten opsigte van die gebruik van eiename en baie spesifiek dié van ons Hemelse Vader en Sy Eniggebore Seun duidelik stel. Net soos elkeen van ons onself bekendstel wanneer ons iemand ontmoet, stel ons Vader Hom ook aan ons bekend. 'n Paar voorbeelde is die volgende en ons begin by die verhaal van Moseh wie Vader gekies het om Sy volk uit Egipte uit te lei:

**Exo 3:13-15** Hierop het Moseh<sup>1</sup> tot Elohim<sup>2</sup> gespreek: Maar as ek by die kinders van Yisra'el (Israel) kom en aan hulle sê: Die Elohim van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? — wat moet ek hulle antwoord? **14** En Elohim sê vir Moseh: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Yisra'el antwoord: EK IS het my na julle gestuur. **15** Toe sê Elohim verder vir Moseh: Dit moet jy aan die kinders van Yisra'el meedeel: Yahuweh<sup>3</sup> (יהוה), die Elohim van julle vaders, die Elohim van Avraham<sup>4</sup>, die Elohim van Yitschaq<sup>5</sup> en die Elohim van Ya'acov<sup>6</sup>, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.

**Exo 15:3** Yahuweh is 'n krygsman; Yahuweh is sy naam.

**Deu 28:58-59** As jy nie sorgvuldig al die woorde van hierdie wet hou wat in hierdie boek geskryf is, om hierdie lieflike en gedugte Naam, Yahuweh jou Elohim, te vrees nie, **59** dan

<sup>1</sup> Moseh is die getranslitererde naam van die man wat algemeen as Moses bekend is. Transliterasie / transliteer beteken om die klanke van een taal oor te bring na 'n ander taal, bv. Johan sal in Hebreeus waarskynlik as יהון Of יהאן getransliterer word - die klanke word oorgebring, nie noodwendig die letters nie.

<sup>2</sup> Elohim is die korrekte vorm van die woord wat algemeen as GOD / God / god vertaal is. Die woord GOD / God / god kan met idool-aanbidding / afgodediens verbind word.

<sup>3</sup> Yahuweh / Yahweh is die getranslitererde Naam van ons Hemelse Vader wat feitlik deurlopend verkeerdlik as HERE / Here vertaal is. Sien later in die artikel verdere inligting oor die korrekte Naam. Ander getranslitererde vorme soos Yahuwah, Yahovah, ens. word ook gebruik. Afkortings soos YHWH of YHVH, wat die Hebreeuse letters verteenwoordig, word ook algemeen gebruik. Yahuweh / Yahweh kan in Afrikaans ook met 'n "J" geskryf word aangesien die uitspraak steeds dieselfde sal wees. Ek verkies om "Y" te gebruik.

<sup>4</sup> Avraham is meer algemeen as Abraham bekend, maar Avraham is die korrekte transliterasie.

<sup>5</sup> Die korrekte transliterasie van "Isak".

<sup>6</sup> Die korrekte transliterasie van Jakob / Jakobus is Ya'acov.

sal Yahuweh oor jou en oor jou nageslag buitengewone plaë bring, groot en aanhoudende plaë, en kwaadaardige en aanhoudende siektes;

**Jos 24:15<sup>(b)</sup>** ... maar ek en my huis, ons sal Yahuweh dien.

**Jer 16:21** Daarom, kyk, Ek laat hulle hierdie keer voel, voel my hand en my mag; en hulle sal weet dat my Naam Yahuweh is.

**Joe 2:32** En elkeen wat die Naam van Yahuweh aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Yerushalayim (Jerusalem) sal daar ontkoming wees soos Yahuweh gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat Yahuweh sal roep. Hierdie boodskap word in die Nuwe Verbond Skrifte herhaal:

**Hand 2:21** En elkeen wat die Naam van Yahuweh aanroep, sal gered word.

**Rom 10:13** Want: Elkeen wat die Naam van Yahuweh aanroep, sal gered word.

**Mal 3:16** Toe het die wat Yahuweh vrees, met mekaar gespreek; en Yahuweh het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat Yahuweh vrees en sy Naam loof.

**Mat 10:22** En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

**Mat 12:21** En op sy Naam sal die nasies hoop.


**Mat 6:9** Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam afgesonder (geheilig) word;

**Joh 5:43** Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.

**Mat 1:21** en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Yahushua<sup>7</sup> (יהושע) noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Daar is te veel verwysings om te meld wat aantoon wat die Naam van die Vader en Sy Seun is en ek volstaan by die bovermelde paar. Ons as mense is gesteld daarop om seker te maak dat vreemdes ons naam ken en gebruik, waarom nie dieselfde vir ons Vader en Sy Seun nie. 'n Eienaam verander nie, maak nie saak watter taal gebruik word of in watter land ons ons bevind nie. Stel jou voor jy teken 'n ander naam op jou kredietkaartstrokie wanneer jy in byvoorbeeld Spanje is, die winkelleienaar sal dink jy is besig met bedrog, en dieselfde geld vir die twee belangrikste Name, dié van die Vader en Sy Seun.

Kyk na die foto's hierlangs, watter een van die twee name aanbid jy? Ek weet in watter Naam



verlossing is – **Jos 24:15** Maar as dit verkeerd is in julle oë om Yahuweh te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die idole (afgode) wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die idole van die Amoriëte in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal Yahuweh dien.

<sup>7</sup> Yahushua / Yahshua is die getranslitereerde Naam van die Seun van die Allerhoogte wat verkeerdelik as Jesus vertaal is. Yahushua / Yahshua kan in Afrikaans ook met 'n "J" geskryf word aangesien die uitspraak steeds dieselfde sal wees. Yahushua se ouers Yoseph (Josef) en Miryam (Maria) was beide Hebreërs, waarom sal hulle Hom 'n Griekse naam gee?

Die foto hier is van **Psalm 119:59-64** soos in die Dead Sea Scrolls opgeteken. Die Dead Sea Scrolls is 'n samevatting van die Hebreeuse Skrif en dateer ongeveer 2000 jaar gelede. Let op Yahuweh se Naam in die “outydse” Hebreeuse (Paleo Hebreeuse) skrif (met die pyltjie aangedui), terwyl die res van die teks in meer moderne Hebreeus geskryf is.

In Afrikaans is die Psalm soos volg:

Ek het my weë oordink en my voete laat teruggaan na U getuienisse.

Ek het my gehaas, en nie getalm nie, om U gebooie te onderhou.

Die strikke van die wettelose het my omring; u Torah (wet) het ek nie vergeet nie.

Middernag staan ek op om U te loof vir U regverdige verordeninge.

Ek is 'n metgesel van almal wat U vrees, en van die wat U bevele onderhou.

**אֲרָצָא (יהוה)**, die aarde is vol van U goedertierenheid; leer my U insettinge.

Die foto hieronder is van 'n kennisgewing op 'n toiletdeur geneem om te wys watter kant van die ablusie geriewe die mans moet gebruik. Dit is ondenkbaar en 'n uiterste jammerte waarom die vroeë vertalers van die Skrif<sup>8</sup> dit goed gedink het om “HERE” of “die HERE” (meervoudsvorm) in die plek van die Naam van die Vader of as plaasvervanger / substituut vir die Naam van die Vader te gebruik – die korrekte Naam was deur die eeue bekend. Dieselfde geld vir die Naam van ons Messias (Yahushua) wat met “Jesus” vervang is. Ons lees dat kennis in latere dae sal vermeerder **Dan 12:4** En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder. Kennis het inderdaad die afgelope paar dekades geweldig vermeerder en ons is nie meer net op andere aangewese om ons kennis van die Woord te vermeerder nie. 'n Magdom bronne is vrylik beskikbaar wat ons kan raadpleeg en ons is vry om ons keuses van vroeër te verander, inderdaad so dikwels te verander soos ons meer kennis en lig van die waarheid ontvang. Hierdie foto het nie ten doen om die leser aanstoot te gee of te ontstel nie, dit het net ten doel om te wys dat die Vader nie tevrede is om te sien dat Sy Naam deur so iets (soos in die foto) vervang word nie. Sien ook die laaste bladsy vir 'n uittreksel uit *Practical Papers for the Bible Translator, Vol 35, No 2, April 1985 - Translating The Names Of God: How To Choose The Right Names In The Target Language* oor hoe besluit is watter naam om te gebruik toe die Skrif in die Maquiritare taal vertaal is. Sien ook:



<http://www.ubs-translations.org/tbt/1985/02/TBT198502.html?seq=3>.

Wat is waarheid?

**Psa 119:142** U geregtigheid is geregtigheid tot in ewigheid, en u Torah<sup>9</sup> is waarheid.

**Psa 119:151** U, O Yahuweh, is naby, en al u gebooie is waarheid.

**Psa 119:160** Die hele inhoud van u Woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid.

**Joh 17:17** Sonder hulle af in u waarheid; U Woord is die waarheid.

<sup>8</sup> Skrif word in die plek van Bybel in hierdie artikel gebruik. Bybel word met idool-aanbidding verbind.

<sup>9</sup> Torah is die eerste 5 boeke van die Skrif en die letterlike betekenis van die woord is 'lering of instruksie'. Torah word gewoonlik as 'wet' vertaal, maar die betekenis is méér as net 'wet'.

## Die Jaarlikse Feeste

Een van die mees kontroversiële onderwerpe is seker die Feesdae, soos ons dit in die Skrif opgeteken sien, en of dit nog op ons as nuwerwetse mense in die een-en-twintigste eeu van toepassing is. Die meeste (alle?) christelike kerke is van mening dat dit nie meer onderhou hoef te word nie en uiteenlopende menings en redes (verskonings?) word voorgelê dat die onderhouding daarvan nie meer op ons van toepassing is nie.

Van die Messiaanse of “Hebraic Roots” groepe is van mening dat die onderhouding van die Feeste nog van toepassing is, maar die meeste is van mening dat Yahushua ons Messias van die Feeste volbring het en nie meer onderhou hoef te word nie. Die een fees wat veral uitstaan is Pasga (verkeerdelik as Paasfees bekend), meer hieromtrent later in die artikel.

Hierdie kort studie het nie ten doel om elkeen van die argumente vir die onderhouding of nie van die Feeste in detail te ondersoek nie. Hierdie studie het eerder ten doel om die eenvoudige boodskap en opdrag van die Skrif beter te probeer verstaan. Dit hoef nie nodig te wees vir ’n hoogs gekwalifiseerde persoon om die Skrif aan ons te openbaar en te verduidelik nie, ons lees die volgende in

**Mat 11:25** In daardie tyd het Yahushua gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Meester van die hemele en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.

**1Kor 1:26-29** Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; **27** maar wat dwaas is by die wêreld, het Elohim uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het Elohim uitverkies om wat sterk is, te beskaam; **28** en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het Elohim uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, **29** sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.

Maar

**Neh 8:7-8** En Jésua en Bani en Serébjá, Jamin, Akkub, Sábbetai, Hodía, Maáséja, Kelíta, Asárja, Jósabad, Hanan, Pelája en die Leviete het die volk in die Torah onderrig, onderwyl die volk op hulle plek bly staan. **8** En hulle het uit die boek, uit die Torah van Elohim, duidelik voorgelees en dit verklaar, sodat hulle verstaan het wat voorgelees is.

Dit is dus duidelik dat ons bereidwillig moet wees om onderrig te word, maar net as dit in lyn met die Woord van die Almagtige is en nie die leerstellings van ’n kerk, organisasie, individue, ens. nie, toets alles wat verkondig word teen die Woord, so ook hierdie artikel.

Wat is dit wat Yahuweh, ons Hemelse Vader van ons verwag? Hoe moet ons daaglik lewe? Daar is baie voorbeelde, kyk hierna:

**Deu 10:12-13** En nou, Yisra’el, wat eis Yahuweh jou Elohim van jou as net om Yahuweh jou Elohim te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en Yahuweh jou Elohim te dien met jou hele hart en met jou hele wese, **13** om te hou die gebooe van Yahuweh en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?

**Lev 19:18** Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Yahuweh.

**Deu 6:5** Daarom moet jy Yahuweh jou Elohim liefhê met jou hele hart en met jou hele wese en met al jou krag.

**Mat 22:37-40** En Yahushua antwoord hom: Jy moet Yahuweh jou Elohim liefhê met jou hele hart en met jou hele wese en met jou hele verstand. **38** Dit is die eerste en groot gebod. **39** En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. **40** Aan hierdie twee gebooe hang die hele Torah en die Profete. Yahushua het nie hier ’n nuwe wet van liefde gegee nie, nee, Hy het bloot uit die Eerste Verbond (ou testament)

aangehaal. Die woord “testament” om na ’n versameling van boeke te verwys, is onbekend in die Skrif, dit kom van die Latynse Vulgaat.

**Joh 14:15** As julle My liefhet, bewaar my gebooie.

Toe Yahushua hierdie woorde gespreek en na die “Torah (wet) en die Profete” verwys het, het Hy na die Eerste verbond (‘ou testament’) verwys.

Ons lees die eerste keer van ‘testament’ in die Tweede Geskrifte in **Mat 26:28** Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes. Maar ons lees van die nuwe / hernude verbond alreeds in **Jer 31:31** Kyk, daar kom dae, spreek Yahuweh, dat Ek met die huis van Yisra’el (Israel) en die huis van Juda ’n nuwe (hernude) verbond sal sluit;

Die “huis van Yisra’el en die huis van Juda” verwys na die twee huise van Yisra’el, dit wil sê al twaalf die stamme van Yisra’el. Yirmeyahu (Jeremiah) skryf veral oor die twee huise, byvoorbeeld **Jer 2:4, 2:26, 3:18, 11:10, 11:17** en vele meer.

Die Hebreeuse woord wat hier vir “nuwe” gebruik word, is *hādaš* en soos van die verduideliking in *Theological Wordbook of the Old Testament (TWOT)* hieronder gesien kan word, is die betekenis om te ‘hernude’ of om ‘reg te maak’, dit wil sê iets bestaan alreeds, dit is nie iets wat van nuuts af geskep word nie.

**613**            **חָדָשׁ** (*hādaš*) *renew, repair*. (ASV and RSV also restore.)

#### Derivatives

**613a**            **חָדָשׁ** (*hādāš*) *new, new thing, fresh*.

**613b**            **חֹדֶשׁ** (*hōdeš*) *month, monthly, new moon*.

*hādaš* is used in the sense of “repair” or “rebuild” referring to cities (Isa 61:4), the temple (II Chr 24:4, 12), and the altar (II Chr 15:8). It is also used figuratively. Under Samuel the kingdom was renewed at Gilgal (I Sam 11:14). The prophet asked for renewal as of old (Lam 5:21). God renews the face of the ground, that is, gives it new life (Ps 104:30), and he renews one’s youth (Ps 103:5). Job complained that God was bringing new witnesses against him (Job 10:17).

The use of the verb as well as its derivatives is attested in Ugaritic (see UT 19: no. 843.)

**חָדָשׁ** (*hādāš*). *New, new thing, fresh*. This adjective, usually attributive, describes, as in English, a variety of physical objects (e.g., house, wife, cords, sword, garment, cruse, meal offering, king, gate, etc.). It is also used for non-material things as name (Isa 62:2), song (Ps 149:1), covenant (Jer 31:31), God’s mercies (Lam 3:23), heart, and spirit (Ezk 36:26). While suffering, Job longed for the time when his glory was “fresh” in him (Job 29:20).<sup>10</sup>

Die ‘nuwe testament’, of meer korrek die Tweede Geskrifte of Hernude Verbond, was tydens Yahushua se tyd op aarde nog nie eens geskryf nie. Dit is jammer dat hierdie woord verkeerdelik deur die vertalers ingeskryf is, so asof die Tweede Geskrifte die Eerste Geskrifte (‘ou testament’) vervang het. Niks kan seker verder van die waarheid wees nie, Yahushua verwys dan juis na die Eerste Geskrifte, of dan die sogenaamde ‘ou testament’. Sien **Jer 8:8** Hoe durf julle sê: Ons is wys, en die Torah van Yahuweh is by ons? Waarlik, kyk, bedrieglik werk die leuenpen van die skrywers. **Jes 43:27** Jou eerste vader het gesondig, en jou tolke het teen My oortree.

**Mat 5:17-19** Moenie dink dat Ek gekom het om die Torah of die Profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. **18** Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die Torah ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. **19** Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk

<sup>10</sup> Weber, C. P. (1999). 613 חָדָשׁ. R. L. Harris, G. L. Archer Jr., & B. K. Waltke (Eds.), *Theological Wordbook of the Old Testament* (electronic ed., pp. 265–266). Chicago: Moody Press.

van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

Yahushua sê verder aangaande die gebooie:

**Joh 14:15** As julle My liefhet, bewaar My gebooie. **14:21** Wie My gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. **14:23** Yahushua antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy My woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. **14:24** Hy wat My nie liefhet nie, bewaar My woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het.

Daar is dus geen twyfel na watter gebooie Yahushua verwys nie - die Torah of die eerste 5 boeke van die Skrif. Die Woorde wat die Messias gespreek het, was dus die woorde van ons Hemelse Vader. Ons vind op verskeie plekke in die Skrif dat ons Hemelse Vader nie verander nie, die gebooie wat aan Adam, Noag, Mosheh, Dawid, Mattheus, Sha'ul,<sup>11</sup> Timótheüs, ens. gegee is, is nog steeds net so op ons van toepassing. Sien onder andere die volgende Skrifgedeeltes:

**Num 23:19** Elohim is geen man dat Hy sou lieg nie; of'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?

**Psa 89:34** Ek sal my verbond nie skend nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.

**Psa 119:89** Lamed. Vir ewig, o Yahuweh, staan u woord vas in die hemele.

**Mal 3:6** Want Ek, Yahuweh, het nie verander nie; en julle, kinders van Ya'acov, is nie verteer nie.

**Ya'acov (Jakobus) 1:17** Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.

**Heb 13:8** Yahushua Messias is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Is dit Yahuweh wie by ons moet aanpas, of moet ons eerder by Hom en wat Hy van ons verwag, aanpas? Uit bovermelde Skrifgedeeltes is dit baie duidelik dat die mens geen voet het om op te staan om nie by Hom aan te pas nie.

Dit beteken dat ons nie net die Tien Gebooie moet onderhou nie, byvoorbeeld dat ons op die Sabbat of die sewende dag van die week moet rus, dat ons ons ouers moet respekteer, dat ons die Naam van Yahuweh nie tot niet moet maak nie (deur nie Sy Naam te gebruik nie, maar ons dit tot niet), maar ook elkeen van die ander gebooie wat vir ons opgeteken is, en dit sluit in watter diere rein en geskik is vir menslike gebruik, dat ons nie bloed of vet mag eet nie, mans mag nie vrouens se klere aantrek nie (en andersom), ens. ens.

## ***Kalender***

Voordat ons by die Feeste self kom, moet ons eers na die kalender kyk en dit probeer verstaan. Soos tans, was daar deur die eeue verskillende kalenders wat gelyktydig in gebruik was. Tans is daar die 'gewone' of die Gregoriaanse kalender wat vanaf 1582 in gebruik is. Daar is ook die Joodse, Moslem, Buddiste, Sjinese, en 'n hele magdom ander kalenders. Nie een van hierdie kalenders is geskik om te gebruik om die korrekte tye van die Feeste te bepaal nie. Die Skrif is duidelik wanneer die Feeste gehou moet word en daarom is dit belangrik om die tyd korrek te bepaal. Daar is tans baie verskille hoe om die tye korrek te bereken, eers wanneer Yahushua terugkeer sal Hy alles herstel en weer verduidelik.

Wat wel baie duidelik is dat ons 'gewone' kalender nie in lyn is met die kalender soos deur Yahuweh daargestel nie en ons kan dit van ondermeer die name van die maande sien, byvoorbeeld 'September'

<sup>11</sup> Sha'ul is meer algemeen bekend as 'Paulus'. Ons vind in **Hand 9:4** dat Yahushua hom as Sha'ul aanspreek.



beteken sewe in Latyn, ‘Oktober’ beteken 8, ‘November’ beteken 9 en ‘Desember’ beteken 10, (ons weet almal dat die desimale stelsel ‘rondom tiene’ gebou is). Waarom is hierdie maande dan nie die 7<sup>de</sup>, 8<sup>ste</sup>, 9<sup>de</sup> en 10<sup>de</sup> maande nie? Bloot omdat die jaar volgens die Skrif nie in Januarie begin nie, maar eerder in Maart of April.

### Begin van die Skriftuurlike Jaar

Wat sê die Skrif aangaande die begin van die jaar?

Ons lees in die 1953 vertaling van die Afrikaanse Bybel die volgende:

**Exo 12:2** Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.

Hierdie is nie ’n goeie vertaling nie en die korrekte vertaling sal eerder so wees: Hierdie nuwe is die begin van nuwe vir julle, dit is die eerste nuwe van die jaar vir julle. Die woord ‘maand’ kom nie in die Hebreeus voor nie en is deur die vertalers ingevoeg. Die Hebreeuse woord (chôdesh) wat hier gebruik word het die onderliggende betekenis om te ‘hernuwe’ en dit is die maan wat elke 29½ dae hernuwe. Hierdie opdrag is tydens die uittog uit Egipte gegee. ’n Logiese vraag is wanneer is die volk Yisra’el met die sterk hand van Yahuweh uit Egipte uitgelei?

Die volgende sal help om te bepaal wanneer hierdie gebeur het:

**Exo 9:31** En die vlas en die gort (barley) was geslaan, want die gort was in die aar en die vlas in die knop. **9:32** Maar die koring en die spelt was nie geslaan nie, want hulle is later.

**Lev 2:14** En as jy aan Yahuweh ’n spysoffer van jou eersteling bring, moet jy as spysoffer van jou eersteling bring: are wat oor die vuur gebraai is, gebreekte korrels van nuwe graan. (Dit wil sê graan van die nuwe oes).

**Lev 23:10-11** Spreek met die kinders van Yisra’el en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring. **11** En hy moet die gerf voor die aangesig van Yahuweh beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die Sabbat moet die priester dit beweeg.

Uit bovermelde tekste sien ons die volgende:

- 1) Die gort is deur die hael (sewende plaag) geslaan, maar nie heeltemal verwoes nie. Die 1953 Afrikaanse Vertaling gebruik ‘weggeslaan’, maar as alles weggeslaan was, waar het die priester gars gekry om ’n gerf van te oes en om voor die Vader te beweeg?
- 2) Die gort se korrels moet so wees dat dit gebreek en gebraai of gerooster kan word.
- 3) Daar moet genoeg gort in Yisra’el wees sodat ten minste ’n gerf goeos kan word sodat die priester dit voor Yahuweh kan beweeg. Hierdie ‘beweeg’ vind tussen 2 en 3 weke ná die begin van die jaar plaas. Die Week van Ongesuurde Brode is 2 tot 3 weke ná die begin van die jaar.

Die Skriftuurlike jaar begin dus met die eerste nuwe maan nadat die gort in Yisra’el aan bovermelde vereistes voldoen. Wanneer die gort in hierdie stand van rypheid is, word dit “aviv” in Hebreeus genoem. Die afgelope paar jaar het die begin van die jaar in Suid-Afrika gewissel vanaf so vroeg as 3 Maart (2003) tot so laat as 11 April (2013).

Daar is sommige mense wie van mening is dat dit nie nodig is om maandeliks vir die nuwe maan te kyk nie en dat nuwe maan plaasvind op die oomblik wanneer van die ou na die nuwe maan oorgegaan word, of die sogenaamde “conjunction”, dit wil sê die oomblik wanneer twee of meer gebeure of dinge op dieselfde oomblik plaasvind. Op die gewone kalenders word daardie oomblik as nuwe maan aangedui. Was hierdie kennis (die gedeelte van ’n sekonde wanneer van die ou maan na die nuwe maan oorgegaan word) in die tyd van Adam, Noag, Avraham, ensovoorts beskikbaar? As ons nie die voordeel van moderne tegnologie tot ons beskikking het nie, sal ons weet dat die gemiddelde tyd tussen een nuwe maan en die volgende nuwe maan 29.530589 dae is? Heel onwaarskynlik.

Gedurende die tyd wat Noag in die ark was en nie die nuwe maan kon sien nie (dit was bewolk), het hy die tyd tussen nuwe mane as 30 dae bereken.

**Gen 7:11** In die ses honderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede nuwe *maan*, op die sewentiende dag van die nuwe *maan*, op dieselfde dag, is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen;

**Gen 7:24** En die waters het die oorhand behou oor die aarde honderd en vyftig dae lank.

**Gen 8:4** En die ark het in die sewende nuwe *maan*, op die sewentiende dag van die nuwe *maan*, op die gebergte van Ararat gerus.

Nota: Ek gebruik *maan* in kursief om aan te dui dat ek dit byvoeg en dat dit nie in die Hebreeus voorkom nie.

Die tydperk tussen **Gen 7:11** en **Gen 8:4** is 5 maande en dit was 150 dae, dus 30 dae per maand. Sodra Noag weer die nuwe maan kon sien, het hy geweet wanneer die begin van die nuwe maand was. Indien hy geweet het dat die omwenteling van die maan om die aarde 29.530589 dae duur, sou hy sekerlik nie op 'n 30 dag maand gewerk het nie!

Daar is sommige wie van mening is dat ons die nuwe maan, soos dit in Yisra'el gesien word, moet volg. As ons egter teruggaan in die geskiedenis sien ons dat daar na die “nuwe / hernuwe maan” verwys word baie lank voordat Yisra'el die beloofde land ingelei is. (Die eerste verwysing is in die verhaal van Noag). Hoe het die mense wie voor die totstandkoming van Yisra'el as 'n land die nuwe maand bereken? Ek is van mening dat na die nuwe maan gekyk moet word waar ons geleë is en nie wanneer ons 'n boodskap ontvang dat die nuwe maan in Yisra'el gesien is nie.

Die Skriftuurlike nuwe jaar begin dus in die herfs in die suidelike halfmond – sien nou die rede waarom September tot Desember twee maande ‘laat’ is?

### Ander opinies

Daar is 'n ander opinie wat kortliks na gekyk moet word met betrekking tot die bepaling van die begin van die Skriftuurlike jaar, naamlik in plaas daarvan om na die gort te kyk wat in ‘aviv’ is, kyk sommiges na die *equinox* of die herfsewening (suidelike halfmond) en dan vir die nuwe maan. Die ewening is wanneer die dag en die nag ewe lank is en kom twee keer per jaar voor, ongeveer 21 Maart en 21 September.

**Psa 104:19** Hy het die maan gemaak vir die vaste tye; die son ken sy tyd om onder te gaan.

Waarom word na die herfsewening gekyk en nie na die gort nie? Behalwe om te sê dat dit sy oorsprong in idool-aanbidding het, kan met baie sekerheid gesê word dat hierdie woord (ewening / equinox) nie in die Skrif voorkom nie en daarom nie gebruik moet word vir die berekening van die datums van Yahuweh se kalender nie.

Die Hebreeuse woord wat dikwels aangehaal word om ewening / *equinox* mee te vertaal is *teqûphâh* / tek-oo-faw / תְּקִיפָה en dié woord kom die eerste keer in **Exo 34:22** voor: Die fees van die weke moet jy ook hou, die fees van die eersteling van die koring-oes; en die fees van die insameling by die wisseling (*teqûphâh*) van die jaar.

**Strong's** definieer die woord as volg:

**8622** תְּקִיפָה [tâquwphah, tâquphah /tek-oo-faw/] n f. From **5362**; TWOT 2001a; GK 9543; Four occurrences; AV translates as “end” twice, “circuit” once, and “come about” once. **1** coming round, circuit of time or space, a turning, circuit. **1A** at the circuit (as adverb).<sup>12</sup>

**5362** נָקַף, נָקַף [naqaph /naw-kaf/] v. A primitive root; TWOT 1415, 1416; GK 5937 and 5938; 19 occurrences; AV translates as “compass” seven times, “go round about” three times, “go about” twice, “compass about” twice, “destroy” once, “down” once, “inclosed” once, “kill” once, and “round” once. **1** to strike, strike off. **1A**

<sup>12</sup> Strong, J. (2001). *Enhanced Strong's Lexicon*. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

(Piel) to strike off skin. **2** to go around, compass, round. 2A (Qal) to go around. 2B (Hiphil). 2B1 to go around, surround, encompass, enclose. 2B2 to make the round, complete the circuit. 2B3 to make round, round off.<sup>13</sup>

## Theological Wordbook of the Old Testament

**2001a** תָּקַף (tə qûpâ) *coming round, circuit of time or space* (Ex 34:22; II Chr 24:23 = I Sam 1:20; Ps 19:7).<sup>14</sup>

Die onderliggende betekenis volgens bovermelde bronne is dus dié van 'n sirkel of volle omwenteling. Die woord kom vier keer in die Skrif voor, naamlik:

**Exo 34:22, 1Sam 1:20, 2Kron 24:23** en **Psalm 19:6**. 'n Interessante vers is dié in die 1953 Afrikaanse Vertaling in **1Sam 1:20** En by die wisseling (teqûphot / לתקפות) van die jaar het Hanna, wat swanger was, 'n seun gebaar en hom Shemu'el (Samuel) genoem; want, het sy gesê, ek het hom van Yahuweh gebid.

Let op dat die meervoudsvorm van die woord hier gebruik word. Indien ons *equinoxes* of ewenings hier wil gebruik, dan het ons 'n probleem want dan moet die vers soos volg lees:

**1Sam 1:20** En by die ewenings (teqûphot / לתקפות) van die jaar het Hanna, wat swanger was, 'n seun gebaar en hom Shemu'el genoem; want, het sy gesê, ek het hom van Yahuweh gebid.

Heeltemal ondenkbaar. Maar indien verder na die Hebreeus gekyk word, sien ons dat die woord 'dae' voorkom wat glad nie in die 1953 Afrikaanse Vertaling vertaal is nie, maar verder ook dat die Hebreeuse teks glad nie die woord "jaar" bevat nie. 'n Beter vertaling sal dus so wees:

**1Sam 1:20** En by die draai(e) (teqûphot / לתקפות) van dae (ימים) het Hanna swanger geword en 'n seun gebaar en hom Shemu'el genoem; want, het sy gesê, ek het hom van Yahuweh gevra. Dit wil sê vanaf bevrugting tot geboorte is 'n volledige omwenteling.

Laat ons eerder poog om die Skrif volgens die voorskrifte van ons Hemelse Vader te volg en nie agter die lering van mense aan te gaan nie. Watter vertaling van die Skrif ook al gebruik word, moet die leser altyd bewus wees dat dit maar net die resultaat van mense se werk is en vol foute sal wees.

Die maande het nooit name gehad nie, behalwe miskien die eerste maand wat as Aviv bekend staan. Die gee van name het eers heelwat later plaasgevind en nadat die gedeelte van die volk uit Babilonië teruggekeer het, is name selfs verander, hulle het name van die Babiloniese kalender begin gebruik, soos byvoorbeeld Aviv wat met Nisan vervang is.

Ons vind die volgende name van maande in die Skrif:

<sup>13</sup> Strong, J. (2001). *Enhanced Strong's Lexicon*. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

<sup>14</sup> Harris, R. L., Archer, G. L., Jr., & Waltke, B. K. (Eds.). (1999). *Theological Wordbook of the Old Testament* (electronic ed., p. 794). Chicago: Moody Press.

Naam van die maand	Watter maand	Verwysing	Hedendaagse Kalender
Aviv Nisan	Eerste	Exo 13:4; 23:15 Est 3:6	Maart / April
<i>Sif / Iyar</i>	Tweede	1Kon 6:1	April / Mei
Siwan	Derde	Est 8:9	Mei / Junie
Tammuz	Vierde	1Kro 27:7	Junie / Julie
Ab	Vyfde		Julie / Augustus
Elul	Sesde	Neh 6:15	Augustus / September
<i>Étanim / Tishrei</i>	Sewende	1Kon 8:2	September / Oktober
<i>Bul / Cheshvan</i>	Agtste	1Kon 6:38	Oktober / November
Kislew	Negende	Neh 1:1; Sag 7:1	November / Desember
Tebet	Tiende	Est 2:16	Desember / Januarie
Sebat	Elfde	Sag 1:7	Januarie / Februarie
Adar	Twaalfde	Est 3:13	Februarie / Maart

Nota: Name in *kursief* geskryf kom nie in die Skrif voor nie.

### Begin van die Week

Volgens die eerste hoofstukke in die Skrif het Yahuweh die week bepaal en aan die einde van die eerste hoofstuk lees ons

Toe sien Elohim alles wat Hy gemaak het, en — dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag. Die eerste verse in die tweede hoofstuk lees So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En Elohim het in die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En Elohim het die sewende dag geseën en dit afgesonder (geheilig), omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat Elohim geskape het deur dit te maak.

In die verhaal van die manna in die wildernis sien ons dat Yahuweh weereens Sy volk leer van wanneer die Sabbat is:

**Exo 16:29-30** Kyk, omdat Yahuweh julle die Sabbat gegee het, daarom gee Hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek af weggaan nie. **30** So het die volk dan op die sewende dag gerus.

Yahuweh het Sy volk vir veertig jaar geleer dat die weeklikse Sabbat elke sewende dag, in 'n nimmereindigende siklus voorkom, die dag wat volg op die sesde dag wanneer 'n dubbele porsie manna gegee is.

Ses dae moet ons arbei en al ons werk doen, maar die sewende dag is die Sabbat van Yahuweh, dan mag ons géén werk doen nie – **Exo 20:9-10**. Die instelling van die week (werk ses dae en rus die sewende dag) is 'n nimmereindigende siklus wat aan die begin daargestel is.

Sommige mense is van mening dat die week telkens met die nuwe maan begin, dit wil sê die eerste dag van die nuwe maand is ook altyd die eerste dag van die week. Dit het tot gevolg dat, afhangend van wanneer die nuwe maan verskyn, 'n week verskillende aantal dae kan hê, sommige weke een dag, ander weke dalk vier dae, of dalk sewe, ensovoorts. Wat 'n deurmekaarspul!! Yahuweh is nie 'n Skepper van chaos nie, maar van orde. Ek het met iemand wat hierdie standpunt huldig gepraat en gevra hoe hulle vyftig dae vanaf Pasga-tyd tot die Fees van Weke kan bereken, maar dit is 'n “ge-hum” en 'n “ge-ha” met die bewering dat die skepping van die maan op die vierde dag ook die begin van die week was. Hoe weet hierdie mense in watter stand die maan met sy skepping was, bedoelend, was dit 'n nuwe maan, of

dalk volmaan of dalk enige stand tussenin? Hoe dit ook al sy, die baie duidelike Skrifte wat aantoon wanneer 'n Sabbat is, word verdraai om dié lering te pas.

### Begin van 'n Dag

'n Belangrike aspek waarna gekyk moet word vóórdat verder gegaan word, is om te bepaal wanneer 'n dag begin. Ons weet dat 'middernag' as die begin van 'n nuwe dag 'n nuwerwetse gebruik is wat deur die Romeine ingestel is, en nie deur ons Hemelse Vader nie.

Ons lees in **Gen 1:3-5**:

En Elohim het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. **4** Toe sien Elohim dat die lig goed was. En Elohim het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; **5** en Elohim het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, dag een.

Die eerste 'iets' wat geskep was, was lig. En Elohim het skeiding gemaak tussen lig en duisternis en Hy het dit 'dag' en 'nag' genoem. En nadat Hy die 'dag' en 'nag' geskep het, was dit dag een.

Lees ook **Exo 10:4** saam met **Exo 10:13**:

**Exo 10:4** Want as jy weier om my volk te laat trek, kyk, dan bring Ek môre (Hebreeus: mâchâr, soos in die volgende dag) sprinkane in jou grondgebied,

**Exo 10:13** En Moseh het sy staf oor Mitsrayim (Egipteland) uitgesteek, en Yahuweh het 'n oostewind in die land gebring, daardie hele dag en die hele nag; toe dit môre (Hebreeus: bôqer, oggend / sonsopkoms) word, het die oostewind die sprinkane aangevoer:

**Lev 7:15** Maar die vleis van sy lofdankoffer moet geëet word op die dag as hy dit bring; daarvan mag hy niks tot die môre (oggend) laat lê nie.

**Lev 22:30** Op dieselfde dag moet dit geëet word. Julle moet daarvan niks laat oorbly tot die môre (oggend) toe nie. Ek is Yahuweh.

**Deu 21:22-23** En as in iemand 'n sonde is wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan 'n paal ophang, **23** dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur Elohim vervloek. En jy mag jou land wat die Yahuweh jou Elohim jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie.

Dit is vir my duidelik dat die Skriftuurlike dag in die oggend begin, wanneer die son opkom, en nie middernag of teen sonsondergang nie.

Maar ons lees in Lev 23:32 die volgende:

**Lev 23:32** 'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul Sabbat hou.

Beteken hierdie opdrag dat die dag teen die aand begin, of dalk iets anders? Hierdie vers moet in konteks met die opdrag vanaf verse 27 gelees word wat aandui waaroor die opdrag in vers 32 gaan. Dit het te doen met die Versoendag wat vanaf die aand van die negende dag tot die aand van die tiende dag onderhou moet word, en nie van wanneer 'n dag begin nie.

**Lev 23:27-28** Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die Versoendag. 'n Afsonderde Samekoms moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en Yahuweh 'n vuuroffer bring. **28** En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n Versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van Yahuweh julle Elohim.

Terloops, hoeveel mense wie hierdie gedeelte voorhou as wanneer die dag begin, onderhou hierdie opdrag om hulle te verootmoedig?

Behalwe vir Sabbat, het géén dag 'n naam in Skrif nie. Elke naam van die dae soos dit tans algemeen gebruik word, kan na idool-aanbidding (afgodsdien) herlei word.

Dag	Hedendaagse naam van die dag	Oorspronklike idool en herkoms*
1	Sondag	<b>Sun</b> - <i>The name comes from the Latin dies solis, meaning "sun's day": the name of a pagan Roman holiday.</i>
2	Maandag	<b>Moon</b> - <i>The name comes from the Anglo-Saxon monan daeg, "the moon's day". This second day was sacred to the goddess of the moon.</i>
3	Dinsdag	<b>Mars</b> - <i>This day was named after the Norse god Tyr. The Romans named this day after their war-god Mars: dies Martis.</i>
4	Woensdag	<b>Mercury</b> - <i>The day named to honor Wodan (Odin). The Romans called it dies Mercurii, after their god Mercury.</i>
5	Donderdag	<b>Jupiter</b> - <i>The day named after the Norse god Thor. In the Norse languages this day is called Torsdag. The Romans named this day dies Jovis ("Jove's Day"), after Jove or Jupiter, their most important god.</i>
6	Vrydag	<b>Venus</b> - <i>The day in honor of the Norse goddess Frigg. In Old High German this day was called fringedag. To the Romans this day was sacred to the goddess Venus, and was known as dies veneris.</i>
Sabbat / 7	Saterdag	<b>Saturn</b> - <i>This day was called dies Saturni, "Saturn's Day", by the ancient Romans in honor of Saturn. In Anglo-Saxon: sater daeg.</i>

[http://www.pantheon.org/miscellaneous/origin\\_days.html](http://www.pantheon.org/miscellaneous/origin_days.html) of enige gesaghebbende ensiklopedie.

### ***Vaste Tyd / Vasgestelde Tyd / Bepaalde Tyd / Afsprake***

Die Vasgestelde of Bepaalde Tye van Yahuweh word vir ons in onder andere in Levitikus 23 en Deuteronomium 16 gegee. Levitikus 23 begin soos volg:

**Lev 23:1-4** Verder het Yahuweh met Moseh gespreek en gesê: **2** Spreek met die kinders van Yisra'el en sê vir hulle: Die vasgestelde tye van Yahuweh wat julle moet uitroep as afgesonderde samekomste dit is my vasgestelde tye. **3** Ses dae moet werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n afgesonderde samekoms; géén werk mag julle doen nie dit is 'n Sabbat van Yahuweh in al julle woonplekke. **4** Dit is die vasgestelde tye van Yahuweh, die afgesonderde samekomste wat julle moet uitroep op hulle vasgestelde tye.

'n Paar gedagtes rondom hierdie verse:

Die 1953 Afrikaanse Vertaling van die Bybel gebruik die woord "feestye" in bovermelde gedeelte. Die Hebreeuse woord is 'mo'ed' (of mo'edim in die meervoud) en dit word die eerste keer in Gen 1:14 korrek as 'vaste tye' in die 1953 Afrikaanse Vertaling gebruik:

**Gen. 1:14** En Elohim het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitpansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye (mo'edim), asook vir dae sowel as jare.

Strong's Concordance (H4150) sê van die woord dat dit van yâ'ad afgelei is en waarvan die betekenis soos volg is:

A primitive root; to fix upon (by agreement or appointment); by implication to meet (at a stated time), to summon (to trial), to direct (in a certain quarter or position), to engage (for marriage): - agree, (make an) appoint (-ment, a time), assemble (selves), betroth, gather (selves, together), meet (together), set (a time).

Ek het onlangs 'n boek gelees waar die outeur Strong's Concordance totaal en al verwerp en die *Theological Wordbook of the Old Testament (TWOT)* voorstaan. Hieronder is TWOT se verduideliking van "mo'ed" en dit word in sy totaliteit aangehaal:

מוֹעֵד (*mô·ēd*). **Appointed sign, appointed time, appointed season, place of assembly, set feast.** (ASV and RSV similar.)

This masculine noun occurs 223 times. It frequently designates a determined time or place without regard to the purpose of the designation. It may be the time for the birth of a child (Gen 17:21; 18:14; 21:2), the coming of a plague (Ex 9:5), the season of a bird's migration (Jer 8:7), an appointed time (I Sam 13:8; 20:35), the time for which a vision is intended (Hab 2:3), the times of the end (Dan 8:19), or the time for the festivals (Lev 23:2) and solemnities (Deut 31:10).

The heavenly bodies are for determining the seasons (Gen 1:14; Ps 104:19). Each festival is a *mô·ēd*, but collectively they are the "feasts of the Lord" (*mô·ādê* YHWH, Lev 23:2, etc.). Appearing at times (Hos 9:5) with *hag* (which designates the three great annual festivals), *mô·ēd* must be thought of in a wide usage for all religious assemblies. Jerusalem became the city of assemblies (Isa 33:20; cf. Ezk 36:38) which were characterized by great rejoicing and were deeply missed during times of exile (Zeph 3:18; Lam 1:4).

Once *mô·ēd* is an appointed sign (Jud 20:38) by which men should act.

The Lord met with Moses at the "tent of meeting" (*ōhel mo·ēd*). He appeared in the cloud at the door of the tent and spoke to him as "a man speaks to his friend" (Ex 33:7, 11; Num 12:8). The purpose of Yahweh's meeting Moses and Israel is revelation (Ex 29:42; 33:11; Num 7:89). The LXX translates *ōhel mô·ēd* over one hundred times as *skēnē marturiou* (tent of witness) which probably connects (incorrectly) *mô·ēd* with *ēd* or *ūd*. But the general idea conveyed of the place of revelation is sound. According to some passages, the tent was outside the camp (Ex 33:7–11; Num 11:24–30), but according to others it was located in the middle of the camp (Ex 25:8). Literary critics have traditionally explained these passages as coming from two sources, E and P, with P not reflecting a historical situation. It is, however, entirely possible that there were two successive tents called *ōhel mô·ēd*. The first was Moses' tent, which was used before the completion of the tabernacle, which was also called *ōhel mô·ēd*, as well as *miškān*.

*mô·ēd* also designates an "assembly" in such a phrase as "picked men of the assembly" (Num 16:2). This usage has been paralleled by Wilson in the Wen Amun story (JNES 4:245) for the city council of ZakarBa'al of Gebal. The King of Babylon dreams of a seat in the "mount of assembly" (*har mô·ēd*) in the north (Isa 14:13), a term similar to the Ugaritic expression for the council of the gods (see above). Scholars have seen a parallel between these terms and the words for the court surrounding the Lord or the gathering of the officers of God, which is described as the "assembly of El" (*ādāt ʾēl*; Ps 82:1) in which he stands and judges.

*mô·ēd* is also the worshipping assembly of God's people, hence Yahweh's foes roar in the midst of his assemblies (Ps 74:4). It may possibly be an early designation for the synagogue ("appointed places of God *mô·ādê ʾēl*; Ps 74:8). However that this phrase actually refers to early synagogues is disputed.<sup>15</sup>

Dit is duidelik dat "afsprake, vaste-, vasgestelde / bepaalde tyd(e)" 'n baie beter vertaling as 'feesty' is (soos dit inderdaad in **Gen 1:14** vertaal is) en dit bring die opdrag van Yahuweh aan Sy volk baie duidelik na vore. Soos Sy Sabbat 'n vasgestelde tyd is (elke sewende dag), so is die ander dae wat verder in hoofstuk 23 van Levitikus vermeld word, vaste tye wanneer ons met Yahuweh moet ontmoet. Sien

ASV American Standard Version of the Bible

RSV Revised Standard Version of the Bible

LXX The Septuagint Version of the Old Testament in Greek

JNES Journal of Near Eastern Studies

<sup>15</sup>Harris, R. L., Harris, R. L., Archer, G. L., & Waltke, B. K. (1999, c1980). Theological Wordbook of the Old Testament (electronic ed.) (388). Chicago: Moody Press.

Exo 9:5 wat die verhaal van die plaie in Egipte vir ons gee, dit sal heeltemal verkeerd wees om ‘feestyd’ hier te gebruik, die 1953 Afrikaanse Bybel se vertaling is hier reg:

**Exo 9:5** En Yahuweh het ’n bepaalde tyd (mo’ed) gestel en gesê: Môre sal Yahuweh dit doen in die land.

Ek kan sê dat ek ’n ‘mo’ed’ om 09:00 met die motorhandelaar het om die koop van ’n nuwe voertuig te bespreek. Dit beteken ek het ’n afspraak, ’n vasgestelde tyd, ’n vergadering, ’n samekoms en ons is albei bewus van wanneer (datum, tyd en plek) ons mekaar sal ontmoet.

### ***Feesvierings / Feeste van die Yehudim (Jode)?***

As gevolg van ’n paar tekste wat verkeerd verstaan word, beweer sommige dat die feeste vir die Yehudim / Jode gegee is. Hierdie verse kom in Yochanan (Johannes) voor:

**Joh 5:1** Hierna was daar ’n fees van die Yehudim, en Yahushua het opgegaan na Yerushalayim.

**Joh 6:4** En die Pasga, die fees van die Yehudim, was naby.

**Joh 7:2** En die fees van die Yehudim, die Huttefees, was naby.

**Joh 7:11** En die Yehudim het Hom op die fees gesoek en gesê: Waar is Hy?

Dit moet egter in gedagte gehou word dat Yisra’el uit 12 stamme bestaan. Die 10 noordelike stamme is ongeveer 720 jaar vóór die geboorte van die Messias na Assirië weggevoer en hulle het nooit na hulle vaderland Yisra’el teruggekeer nie. Die suidelike 2 stamme is in 586 voor die Messias na Babilonië weggevoer, maar hulle het 70 jaar later na hulle vaderland teruggekeer. Die verhaal van hoe die noordelike en suidelike stamme verdeel is, is in 1 Konings 12 opgeteken. Gedurende die tyd van die Messias op aarde (tot vandag toe) is die bevolking in Yisra’el hoofsaaklik Yehudim (Jode, die afstammeling van die stam van Yehudah / Juda) en nie afstammeling van die noordelike stamme nie en dit is presies die rede waarom daar na die Feeste van die Yehudim verwys word.

Regdeur die Skrif word na die Feesviering van Yahuweh verwys, Yahuweh het dit ingestel en nooit daarna verander nie. Kyk weer na die Skrifgedeeltes wat aandui dat dit wat Yahuweh gespreek het, nooit verander nie – wat op mense soos Avraham, Ya’acov, Mosheh, Dawid, ens. van toepassing was, was op die mense soos Yahushua, Markus, Lukas, Yochanan<sup>16</sup>, Sha’ul (Paulus), ens. van toepassing en is nou ook op ons van toepassing. Soos die verbod op die eet van bloed of varkveis eeue gelede van toepassing was, net so is dit nog steeds vandag op ons van toepassing.

Daar kon dalk ’n saak uitgemaak gewees het dat die onderhouding van die Samekomste gestaak moes word indien die onderhouding daarvan net ná die teregstelling van Yahushua gestaak het, maar dit is nie die geval nie. Ons sien dat die onderhouding van die Samekomste steeds na die dood van die Messias gehou is. Sien onder andere die volgende:

Week van Ongesuurde Brode: **Hand 20:6**

Fees van Weke: **Hand 2; 20:16**

Dag van Verootmoediging: **Hand 27:9**

Huttefees: **Hand 18:21**

Op verskeie plekke lees ons dat Yahushua die Samekomste wel gehou het.

#### Pasga en Week van Ongesuurde Brood

**Mat 26:17** En op die eerste dag van die ongesuurde brode kom die dissipels na Yahushua en sê vir Hom: Waar wil U hê moet ons vir U klaarmaak om die Pasga te eet?

#### Fees van Tydelike Wonings / Huttefees

<sup>16</sup> Die korrekte transliterasie van Johannes / John is Yochanan.



**Joh 7:1** En daarna het Yahushua in Galiléa rondgegaan, want Hy wou nie in Judéa rondgaan nie, omdat die Yehudim probeer het om Hom dood te maak. **2** En die fees van die Yehudim, die huttefees, was naby. **7:8** Gaan julle op na hierdie fees. Ek gaan nog nie op na hierdie fees nie, omdat my tyd nog nie daar is nie. **7:10** Maar nadat sy broers opgegaan het, toe het Hy ook opgegaan na die fees, nie openlik nie, maar in die geheim. **7:14** En toe dit al in die middel van die fees was, het Yahushua opgegaan na die tempel en geleer.

#### Laaste dag (8<sup>ste</sup> Dag)

**Joh 7:37-38** En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Yahushua gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! **38** Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Sou Yahushua nie die mense wie die naaste aan hom was (Sy dissipels) geleer en ingelig het dat die onderhouding van die Feeste moes staak na sy teregstelling nie? Nêrens lees ons dat Yahuweh sy opdragte verander het nie. Indien ons dit nie onderhou nie, is dit as gevolg van ons eie aannames en gevolgtrekkings, nie omdat dit Skriftuurlik is nie. Dan kan ons dieselfde argument aanvoer wat die meeste christelike kerke gebruik naamlik dat aangesien die Messias op die eerste dag van die week uit die dood opgestaan het, word Sabbat nou op die eerste dag van die week (Sondag) gehou. Let asseblief daarop dat die Messias nie op die eerste dag van die week uit die dood opgestaan het nie, maar wel op die sewende dag. Indien ons in die voetspore van Yahushua volg en Hom as ons rolmodel gebruik, dan is ons in goeie geselskap.

Wat is sonde? Hoe weet ons wanneer ons teen ons Hemelse Vader oortree?

**1Joh 2:3-6** En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooië bewaar. **4** Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooië nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. **5** Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van Elohim waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. **6** Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.

**1Joh 3:4** Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

Die gebooië waarna hierbo verwys word is dus meer as net die tien gebooië, dit sluit alle verordeninge, gebooië, insettinge en wette in, sien byvoorbeeld **Neh 9:13-31**. 'Wetteloosheid' is om nie die verordeninge, gebooië, insettinge en wette van ons Hemelse Vader na te kom nie.

'n Ander argument wat aangevoer word waarom dit nie nodig is om die Feeste te onderhou nie, is aangesien daar nie meer 'n Tempel is nie.

Dit is inderdaad so dat daar nie meer 'n tempel is nie, maar was daar ooit 'n opdrag dat die Feeste van Yahuweh net by die tempel gehou moes word? Ons lees die eerste keer van die Tempel van Yahuweh in **1 Sam 1:9** in die storie van Hanna wie jaar na jaar saam met haar man na die Tempel gegaan het. Sy het geweens aangesien sy bittergraag 'n seun wou hê. Die volgende Skrifgedeeltes word voorgehou ter stawing dat die Feeste by die Tempel gehou moet word:

**Deu 16:2** En jy moet vir Yahuweh jou Elohim as Pasga kleinvee en beeste slag, op die plek wat Yahuweh sal uitkies om sy Naam daar te laat woon.

**Deu 16:5-7** Jy mag die Pasga nie slag in een van jou poorte wat Yahuweh jou Elohim aan jou gee nie. **6** Maar op die plek wat Yahuweh jou Elohim sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, moet jy die Pasga slag, in die aand teen sonder, op die tyd van jou uittog uit Egipte. **7** Dan moet jy dit gaarmaak (*roast*) en eet op die plek wat Yahuweh jou Elohim sal uitkies; daarna moet jy in die môre omdraai en na jou tente gaan.

**Deu 26:1-2** En as jy in die land kom wat Yahuweh jou Elohim jou as erfenis sal gee en jy dit in besit neem en daarin woon, **2** dan moet jy neem uit die eersteling van al die vrugte

van die land wat jy inbring uit jou land wat Yahuweh jou Elohim jou sal gee, en dit in 'n mandjie sit; en jy moet gaan na die plek wat Yahuweh jou Elohim sal uitkies om sy Naam daar te laat woon,

Waar het Yahuweh uitgekies om Sy Naam te laat woon? In Yerushalayim (Jerusalem) en in géén ander stad in die wêreld nie! Hierdie opdrag is aan Yisra'el gegee net voordat hulle die Yardën (Jordaan) rivier oorgesteek het om die beloofde land binne te gaan. Dit wil sê die volk wat binne die land woon moet dan op die plek saamkom waar Yahuweh uitkies om Sy Naam te laat woon.

Maar ons lees ook die volgende

Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde. **Mat 18:20**

Volgens Markus het Yahushua die Pasga nie by die Tempel geëet nie:

**Mar 14:12-16** En op die eerste dag van die ongesuurde brode, wanneer hulle gewoonlik die Pasga geslag het, sê sy dissipels vir Hom: Waar wil U hê moet ons gaan klaarmaak, dat U die Pasga kan eet? **13** En Hy stuur twee van sy dissipels en sê vir hulle: Gaan na die stad toe; en 'n man wat 'n kruik water dra, sal julle tegemoetkom. Volg hom, **14** en waar hy ook mag ingaan, moet julle vir die eienaar van die huis sê: Die Meester laat weet: Waar is die kamer waar Ek met my dissipels die Pasga kan eet? **15** En hy sal julle 'n groot bovertrek wys, in gereedheid gebring. Daar moet julle vir ons klaarmaak. **16** En sy dissipels het gegaan en in die stad gekom en dit gevind soos Hy vir hulle gesê het; en hulle het die Pasga toeberei.

Wanneer ons die Feeste onderhou en Yahuweh aanroep, moet ons dit doen soos dit in die Torah opgeteken is en soos Sy Seun dit onderhou het, laat ons eerder Yahushua as ons rolmodel gebruik en toelaat dat die Skrif ons leer. Dit wat die kerke, priesters, pastore, dominees, vriende, familie, ens. spreek moet ons altyd teen die Woord van die Almagtige toets. Indien hulle leerstellings dan met die Woord van Yahuweh verskil, moet dit summier verwerp word. So ook met hierdie artikel.

**Hos 4:6** My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die Torah van jou Elohim vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

**Jer 16:19** O Yahuweh, my sterkte en my beskutting en my toevlug in die dag van benoudheid, tot U sal volke van die eindes van die aarde af kom en sê: Net leuens het ons vaders gêrwe, nietige idole (afgode), en daaronder was niks wat voordeel kon bring nie.

### *Hoe Lank is die Onderhouding van die Feeste van Toepassing?*

Ten opsigte van die onderhouding van die vasgestelde tye lees ons onder andere die volgende van die tydperk van hoe lank dit onderhou moet word.

#### **Sabbat**

**Exo 31:16** En die kinders van Yisra'el moet die Sabbat onderhou deur die Sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.

**Exo 31:17** Tussen My en die kinders van Yisra'el is dit vir ewige 'n teken; want in ses dae het Yahuweh die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verfris.

**Lev 24:8** Op elke Sabbatdag moet hy dit gedurigdeur voor die aangesig van Yahuweh regsit, van die kant van die kinders van Yisra'el as 'n ewige insetting.

**2Kron 2:4** Kyk, ek gaan 'n huis bou vir die Naam van Yahuweh my Elohim, om dit aan Hom af te sonder — om voor sy aangesig reukwerk van speserye aan die brand te steek en die toonbrode gedurig reg te sit en die brandoffers smôrens en saans te bring op die Sabbatte en op die nuwemane en op die vasgestelde tye van Yahuweh onse Elohim — 'n ewige verpligting op Yisra'el.

### **Pasga (Pesach) en Fees van Ongesuurde Brood (Matzot)**

**Exo 12:14** En hierdie dag moet vir julle 'n gedenktag wees, en julle moet dit as 'n Fees tot lof Yahuweh vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.

**Exo 12:24** Onderhou dan hierdie saak as 'n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid.

### **Dag van Verootmoediging / Versoendag (Yom Kippur)**

**Lev 16:29** En dit moet vir julle 'n ewige insetting wees: in die sewende *maand*, op die tiende van die *maand*, moet julle jul verootmoedig en géén werk doen nie die kind van die land sowel as die vreemdeling wat onder julle vertoef.

**Lev 16:31** 'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Dit is 'n ewige insetting.

**Lev 23:31** Julle mag géén werk doen nie; dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.

### **Opdrag om nie koring van die nuwe oes te eet nie**

**Lev 23:14** En julle mag geen brood of gebraaide koring of vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die offer van julle Elohim bring. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.

### **Fees van Weke (Shavu'ot / Pinkster)**

**Lev 23:21** En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n afgesonderde samekoms moet dit vir julle wees; géén beroepswerk<sup>17</sup> mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte.

### **Huttefees / Tydelike Wonings (Sukkot)**

**Lev 23:39** Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van Yahuweh sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. **23:41** En julle moet dit as fees van Yahuweh sewe dae in die jaar vier. Dit is ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier.

Ons lees van baie onder opdragte wat as 'n ewige insetting daargestel is, maar dit is nie die doel van die artikel om ook daarop in te gaan nie.

### **Ander**

**Exo 3:15** Toe sê Elohim verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Yisra'el meedeel: Yahuweh, die Elohim van julle vaders, die Elohim van Avraham, die Elohim van Yitschaq en die Elohim van Ya'acov, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.

**Lev 3:17** 'n Ewige insetting is dit vir julle geslagte in al julle woonplekke: géén vet en géén bloed mag julle eet nie.

<sup>17</sup> Beroepswerk word gewoonlik as *servile work* in Engels vertaal. Abjectly submissive; slavish. <sup>a</sup> Of or suitable to a slave or servant. <sup>b</sup> Of or relating to servitude or forced labor. <http://www.thefreedictionary.com/servile>

**Deu 12:28** Luister sorgvuldig na al hierdie woorde wat ek jou beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed kan gaan tot in ewigheid, as jy doen wat goed en reg is in die oë van Yahuweh jou Elohim.

Elkeen van die verse hierbo vermeld waar “ewig” gebruik word, het dieselfde onderliggende Hebreeuse woord, naamlik “*olam*”. Hieronder is die definisies soos deur *Strong's* en die *Theological Wordbook of the Old Testament (TWOT)* en *Dictionary of Biblical Languages with Semantic Domains: Hebrew (Old Testament)* weergegee. In al drie gevalle is die primêre betekenis “altyd, ewig, sonder ophou, ewigdurend”, ens. Enige iemand wie tweetalig is sal weet dat daar nie altyd ’n een-op-een verwantskap tussen woorde in verskillende tale is nie (bv. “geskenk” kan as “gift” of as “present” in Engels vertaal word en albei is ewe korrek), so kan *olam* met verskillende woorde vertaal word en die konteks sal bepaal watter woord die beste van toepassing is, solank as die onderliggende gedagte van *ewig* nie verlore gaan nie.

Maar lees ons nie in **Lukas 16:16** dat die ‘Wet en die Profete’ met Yochanan (Johannes) tot ’n einde gekom het nie? Die wet en die profete was tot op Yochanan; van toe af word die evangelie van die koninkryk van Elohim verkondig, en elkeen dring met geweld daarin.

Nee, ’n duidend maal nee! Yahushua sou nooit verkondig het dat daar met die Wet en Profete weggedoen is nie, in net die volgende vers sê Yahushua dan: Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die Torah (wet) sou val.

Wat Yahushua hier sê is dat tot met die koms van Yochanan net die Eerste Verbond verkondig en geleer is, maar Yochanan, as die voorloper van Yahushua, het begin om die Goeie Nuus (**Mat 3:1-2**) te verkondig. **Mar 1:14** En nadat Yochanan oorgelewer was, het Yahushua in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van Elohim verkondig **15** en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van Elohim het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie. Hou in gedagte dat daar nie iets soos die Nuwe Verbond (nuwe testament) bestaan het tydens die lewe van Matthéüs, Markus, Lukas, Yochanan, Yahushua en andere nie, hulle het die Nuwe Verbond geskryf!

Vir hoe lank of tot wanneer moet die feeste onderhou word? Baie is van mening dat die onderhouding van die Feeste van Yahuweh ten einde gekom het met die teregstelling van die Messias. Soos voorheen vermeld, het Yahushua nooit vir sy dissipels so iets geleer nie, intendeel Yahushua sê vir ons in Mat 5 baie duidelik geeneen van die gebooe tot niet sal gaan nie.

**Mat 5:17-19** Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. **18** Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. **19** Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooe breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

Alhoewel daar nie by elke Fees vir ons gesê word dat dit vir ewig is nie, is dit nogtans opdragte van ons Hemelse Vader en elkeen van Sy opdragte moet ernstig opgeneem en onderhou word. Ons is op gevaarlike terrein as ons begin om te *cut and paste* om te besluit watter gebooe is van toepassing en watter nie. Het ons enigsins die outoriteit om so iets te doen? Natuurlik nie!

Sommige mense is van mening dat net die ‘morele wette’ onderhou moet word en dat die ‘seremoniële wette’ afgeskaf is. Nêrens lees ons in die Skrif van hierdie twee soorte wette nie en hierdie terme moet dus as sulks verwerp word. Sien weer eens **Jer 8:8** Hoe durf julle sê: Ons is wys, en die Torah van Yahuweh is by ons? Waarlik, kyk, bedrieglik werk die leuenpen van die skrywers.

Indien ons begin besluit watter voorskrifte van die Vader van toepassing is en watter nie, hoe sal ons vir iemand wie daarvoor vra rigting kan gee van waar om in die Skrif te lees sodat hy sal weet wat nie van toepassing is sodat hy nie sy tyd mors om die verkeerde gedeeltes te lees en te leer nie?

## Strong's

**5769** עוֹלָם [ˈowlam, ˈolam /o-lawm/] n m. From 5956; TWOT 1631a; GK 6409; 439 occurrences; AV translates as “ever” 272 times, “everlasting” 63 times, “old” 22 times, “perpetual” 22 times, “evermore” 15 times, “never” 13 times, “time” six times, “ancient” five times, “world” four times, “always” three times, “alway” twice, “long” twice, “more” twice, “never + 408” twice, and translated miscellaneous six times. **1** long duration, antiquity, futurity, for ever, ever, everlasting, evermore, perpetual, old, ancient, world. **1A** ancient time, long time (of past). **1B** (of future). **1B1** for ever, always. **1B2** continuous existence, perpetual. **1B3** everlasting, indefinite or unending future, eternity.<sup>18</sup>

## Theological Wordbook of the Old Testament

**1631a** עוֹלָם (‘ōlām) *forever, ever, everlasting, evermore, perpetual, old, ancient, world*, etc. (RSV similar in general, but substitutes “always” for “in the world” in Ps 73:12 and “eternity” for “world” in Ecc 3:11.) Probably derived from ‘ālam I, “to hide,” thus pointing to what is hidden in the distant future or in the distant past. The Ugaritic cognate is ‘Im, “eternity.”

Though ‘ōlām is used more than three hundred times to indicate indefinite continuance into the very distant future, the meaning of the word is not confined to the future. There are at least twenty instances where it clearly refers to the past. Such usages generally point to something that seems long ago, but rarely if ever refer to a limitless past. Thus in Deut 32:7 and Job 22:15 it may refer to the time of one’s elders. In Prov 22:28; 23:10; Jer 6:16; 18:15; 28:8 it points back somewhat farther. In Isa 58:12, 61:4; Mic 7:14; Mal 3:4, and in the Aramaic of Ezr 4:15, 19 it clearly refers to the time just before the exile. In I Sam 27:8, in Isa 51:9 and 63:9, 11 and perhaps Ezk 36:2, it refers to the events of the exodus from Egypt. In Gen 6:4 it points to the time shortly before the flood. None of these past references has in it the idea of endlessness or limitlessness, but each points to a time long before the immediate knowledge of those living. In Isa 64:3 the KJV translates the word “beginning of the world.” In Ps 73:12 and Ecc 3:11 it is translated “world,” suggesting the beginning of a usage that developed greatly in postbiblical times.

Jenni holds that its basic meaning “most distant times” can refer to either the remote past or to the future or to both as due to the fact that it does not occur independently (as a subject or as an object) but only in connection with prepositions indicating direction (*min* “since,” *ad* “until,” *lě* “up to”) or as an adverbial accusative of direction or finally as the modifying genitive in the construct relationship. In the latter instance ‘ōlām can express by itself the whole range of meanings denoted by all the prepositions “since, until, to the most distant time”; i.e. it assumes the meaning “(unlimited, incalculable) continuance, eternity.” (THAT II, p. 230) J. Barr (Biblical Words for Time (1969), p. 73) says, “We might therefore best state the “basic meaning” as a kind of range between ‘remotest time’ and ‘perpetuity’”. But as shown above it is sometimes used of a not-so-remote past. For the meaning of the word in its attributive use we should note the designation of the lord as ‘el ‘ōlām, “The Eternal God” (Gen 21:33).

The LXX generally translates ‘ōlām by *aiōn* which has essentially the same range of meaning. That neither the Hebrew nor the Greek word in itself contains the idea of endlessness is shown both by the fact that they sometimes refer to events or conditions that occurred at a definite point in the past, and also by the fact that sometimes it is thought desirable to repeat the word, not merely saying “forever,” but “forever and ever.”

Both words came to be used to refer to a long age or period—an idea that is sometimes expressed in English by “world.” Postbiblical Jewish writings refer to the present world of toil as *hā’ōlām hazzeh* and to the world to come as *hā’ōlām habbā’*.

*ad* (q.v.) has substantially the same range of meaning as ‘ōlām (usually long continuance into the future, but cf. Job 20:4).<sup>19</sup>

## Dictionary of Biblical Languages with Semantic Domains: Hebrew (Old Testament)

**6409** עוֹלָם (‘ō-lām): adv. [oth n.masc.]; ≡ Str 5769; TWOT 1631a—**1**. LN 67.78–67.117 **everlasting**, forever, eternity, i.e., pertaining to an unlimited duration of time, usually with a focus on the future (Ge 3:22); **2**. LN 67.78–67.117 **ancient**, old, i.e., existing for a long time in the relative past (1Sa 27:8; Ps 119:52); **3**. LN 67.78–

<sup>18</sup> Strong, J. (2001). *Enhanced Strong's Lexicon*. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

<sup>19</sup> Macrae, A. A. (1999). 1631 עוֹלָם. R. L. Harris, G. L. Archer Jr., & B. K. Waltke (Eds.), *Theological Wordbook of the Old Testament* (electronic ed., pp. 672–673). Chicago: Moody Press.

67.117 **lasting**, for a duration, i.e., an undetermined duration of time without reference to other points of time, with a focus of no anticipated end, but nevertheless may have limits (Nu 25:13; Jer 18:16), note: for MT text in 2Ch 33:7, see 6409<sup>20</sup>

### **Die Feeste / Vasgestelde Tye van Yahuweh**

Soos reeds vermeld, word die Feeste / Vasgestelde Tye van Yahuweh in **Lev 23** (die hele hoofstuk) en **Deut 16** (tot by vers 16) opgesom. In **Lev 23** is die eerste vasgestelde tyd die weeklikse Sabbat en daarna volg die res.

Kom ons kyk nou na elkeen van die Vasgestelde Tye en wanneer dit gehou moet word.

#### **Sabbat**

Sien ook die gedeelte wat handel oor die begin van die week hierbo.

Die Sabbat is tydens die skepping ingestel en moet elke sewende dag gehou word – terloops, dit is ook die enigste dag wat 'n naam gekry het, al die ander dae word deur hulle 'nommer' geïdentifiseer, byvoorbeeld dag een of die eerste dag, vyfde dag, ensovoorts.

Die christelike kerke hou bykans sonder uitsondering die eerste dag van die week as hulle Sabbat, maar hierdie verandering is nie Skriftuurlik nie. Hulle is van mening dat die Messias op die eerste dag opgestaan het en dus moet die Sabbat op die eerste dag onderhou word.

Indien ons die relevante Skrifgedeeltes behoorlik en met 'n ontvanklike hart ondersoek, is dit duidelik dat 'n eerste-dag opstanding nie ondersteun kan word nie.

Kom ons kyk na die tersaaklike verse van die gebeure gedurende die week toe ons Messias Yahushua tereggestel is.

#### **Dag voor 'n Groot Sabbat**

**Mar 15:34** En die negende uur het Yahushua met 'n groot stem uitgeroep en gesê: "Eli, Eli, lamah shevaqtani?" wat, as dit vertaal word, beteken: My El, my El, waarom het U My verlaat? **15:42** En toe dit aand geword het, omdat dit die voorbereiding was, dit is die voorsabbat, **43** kom daar 'n verneme raadslid, Yoseph (Josef) van Arimathéa, wat self ook die koninkryk van Elohim verwag het; en hy waag dit om na Pilatus in te gaan en die liggaam van Yahushua te vra.

**Mat 27:57-60** En toe dit aand geword het, het daar 'n ryk man van Arimathéa gekom met die naam van Yoseph, wat self ook 'n dissipel van Yahushua was. **58** Hy het na Pilatus gegaan en die liggaam van Yahushua gevra. Toe beveel Pilatus dat die liggaam afgegee moes word. **59** En Yoseph het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai **60** en dit in sy nuwe graf gelê wat hy in die rots uitgekap het; en nadat hy 'n groot steen teen die opening van die graf gerol het, het hy weggegaan.

**Joh 19:31** En dat die liggame nie op die Sabbat aan die folterpaal sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was — want die dag van daardie Sabbat was groot — het die Yehudim Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle wegeneem moes word.

#### **Dag ná die Groot Sabbat**

**Mar 16:1** En toe die Sabbat verby was, het Miryam (Maria) van Magdala (Magdalena), en Miryam die moeder of Jakob, en Shelomah (Salóme) speserye gekoop om Hom te gaan salf.

<sup>20</sup> Swanson, J. (1997). *Dictionary of Biblical Languages with Semantic Domains : Hebrew (Old Testament)* (electronic ed.). Oak Harbor: Logos Research Systems, Inc.

**Luk 23:54-55** En dit was die dag van voorbereiding, en die Sabbat wou aanbreek. **55** En die vroue wat saam met Hom van Galiléa gekom het, het ook gevolg en die graf gesien en hoe sy liggaam neergelê was.

### Dag voor die Sabbat

**Luk 23:56** Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die Sabbat gerus volgens die gebod.

### Opstanding

**Mat 28:1** En laat ná die Sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste *dag* van die week, kom Miryam van Magdala, en die ander Miryam om na die graf te gaan kyk.

Wat leer ons uit hierdie verse? Yahushua sterf teen die negende uur op die dag vóór 'n Rusdag, en hierdie Sabbat was groot (**Joh 19:31**). Maar kom ons gaan verder.

**Luk 23:54** En dit was die dag van voorbereiding, en die Sabbat wou aanbreek.

**Mar 15:42** En toe dit aand geword het, omdat dit die voorbereiding was, dit is die voorsabbat,

**Joh 19:14** En dit was die voorbereiding vir die Pasga en omtrent die sesde uur. Toe sê hy vir die Yehudim: Dáár is julle Koning!

**Joh 19:31** En dat die liggame nie op die Sabbat aan die paal sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was — want die dag van daardie Sabbat was groot — het die Yehudim Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.

**Mar 16:1** En toe die Sabbat verby was, het Miryam van Magdala en Miryam, die moeder van Ya'acov (Jacobus), en Salóme speserye gekoop om Hom te gaan salf.

**Luk 23:56** Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die Sabbat gerus volgens die gebod.

Kyk ook na die skematiese voorstelling hieronder wat duidelik aantoon dat ons Messias op die vierde dag van die week (Woensdag) gesterf het en begrawe is en op die Sabbat opgestaan het, drie dae en drie nagte, soos Yahushua voorspel het, die teken van Jona.

**Mat. 28:1, Mar. 16:2, Luk. 24:1** en **Joh. 20:1** word dikwels aangehaal om te bewys dat Yahushua op die eerste dag van die week opgestaan het.

Indien ek 'n afspraak met iemand het om hom om 13:00 op Dinsdag vir 'n ete afspraak te ontmoet en ek kry om teen 13:00 by die restaurant, beteken dit dat hy teen 13:00 by die restaurant opgedaag het? Natuurlik nie, hy kon al ure vroeër daar gearriveer en vir my gewag het. Waarom neem mense dan aan dat, wanneer die Skrif onder andere in **Mat 28** die volgende sê (The Scriptures (ISR) 2009) dat Yahushua op die eerste dag van die week opgestaan het? Dit beteken net dat toe die vroue by die graf opgedaag het, Yahushua alreeds opgestaan het.

**Mat 28:1-6** But late in the Sabbath,<sup>a</sup> as it was dawning into *day* one of the week,<sup>b</sup> Miryam from Maḡdala and the other Miryam came to see the tomb.**2** And see, there was a great earthquake, for a messenger of יהוה came down out of heaven, and came and rolled back the stone from the door, and sat on it. **3** And his appearance was like lightning, and his garments as white as snow. **4** And the guards trembled for fear of him, and became like dead men. **5** And the messenger responding, said to the women, “Do not be afraid, for I know that you seek יהושע (Yahushua) who was impaled. **6** “He is not here, for He was raised, as He said. Come, see the place where the Master lay.

Footnotes: <sup>a</sup>Gk. Sabbaths. <sup>b</sup>Gk. one of the Sabbaths. See also Mar. 16:2, Luk. 24:1, Joh. 20:1 and 1Cor. 16:2. See Explanatory Notes - First Day of the Week.

**3 Dae en 3 Nagte**  
Mat. 12:40

Dag	Nag	Dag	Nag	Dag	Nag	Dag	Nag	Dag	Nag
<b>14<sup>de</sup> Aviv</b> <b>Pasga</b> Lev. 23:5 Gewone Werksgdag		<b>15<sup>de</sup> Aviv</b> <b>1<sup>ste</sup> Dag van Ongeuurde Brood (Rusdag)</b> Lev. 23:6 & 7 Groot Sabbat: Joh 19:31		<b>16<sup>de</sup> Aviv</b> Voorbereidingsdag Gewone werksdag		<b>17<sup>de</sup> Aviv</b> <b>Weeklikse Sabbat</b>		<b>18<sup>de</sup> Aviv</b> Gewone werksdag Beweegoffer: Lev 23:10-14	
Teregstelling: Joh 19:18 Sterwe: Mat. 27:46 (±03:00 nm) Liggaam afgehaal: Joh 19:31 Begrafnis: Mat 27:57-60 (Voor sononder)				Speserye gekoop: Markus 16:1 Speserye voorberei: Lukas 23:56		<b>Vroue het gerus:</b> Lukas 23:56 Opstanding: Mat 28:1 (Voor sononder)		Messias verskyn: Markus 16:9-14, Joh 20:1, 14	
<b>4<sup>de</sup> Dag van die week</b> ( <i>Woensdag</i> ) Markus 15:42: Voorbereidingsdag		<b>5<sup>de</sup> Dag van die week</b> ( <i>Donderdag</i> ) Afgesonderde dag – <b>"Groot Sabbat"</b> – Geen beroepswerk		<b>6<sup>de</sup> Dag van die week</b> ( <i>Vrydag</i> )		<b>7<sup>de</sup> Dag van die week</b> ( <b>Weeklikse Sabbat</b> )		<b>1<sup>ste</sup> Dag van die week</b> ( <i>Sondag</i> )	

**Maand van Aviv**

	Dag 1 Son	Dag 2 Maan	Dag 3 Dins	Dag 4 Woens	Dag 5 Don	Dag 6 Vry	Dag 7 Sabbat
					1	2	3
Teregstelling ←	4	5	6	7	8	9	10
	11	12	13	14	15	16	17
	18	19	20	21	22	23	24
	25	26	27	28	29	30	

Opstanding →

**Joh 20:1-7** En op *dag* een van die week kom Miryam van Magdala (Maria Magdalena) vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. **2** Sy hardloop toe en kom by Shim'on Kepha (Simon Petrus) en by die ander dissipel vir wie Yahushua liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Meester uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie. **3** Toe gaan Shim'on en die ander dissipel uit en kom by die graf. **4** En die twee het saam gehardloop, en die ander dissipel het vooruit gehardloop, vinniger as Shim'on, en eerste by die graf gekom. **5** En terwyl hy neerbuk, sien hy die doeke lê; maar hy het nie ingegaan nie. **6** Toe kom Shim'on Kepha agter hom aan en gaan in die graf en sien die doeke lê; **7** en die doek wat op sy hoof was, sien hy nie by die doeke lê nie, maar opgerol en afsonderlik op een plek.

Maar hierdie dissipels het nie die liggaam van Yahushua gesien nie. Dit is die rekord van Yochanan (Johannes), wie by die graf gewees het, wie in die graf ingekyk het, en ingegaan het, en na die doeke gekyk het, maar nie die liggaam van die Meester gesien het nie. Waarom? Want Hy was nie daar nie. Hy opgestaan het, soos Mattithyahu (Mattheus) dit aangeteken het, "maar laat in die Sabbat," voor die eerste dag van die week aangebreek het.



Die gekombineerde rekord van Markus, Lukas en Johannes toon dat niemand die liggaam van die Verlosser in die graf die eerste dag van die week (Sondagoggend) gesien het nie; niemand het die opstanding op Sondagoggend gesien nie; niemand het gesê dat die Messias op die eerste dag van die week uit die dode opgewek is nie. Die rekord is onbetwis; “Hy is nie hier nie: Hy het opgestaan.” Soos Hy gesê het, was hy drie dae en drie nagte in die graf. Hy was in die graf presies daardie tyd, en het opgestaan teen die einde van die weeklikse Sabbat, en kon dus nie Sondagoggend opgestaan het nie. Hy was nie daar nie, “Hy het opgestaan,” sê die boodskappers. Die graf was leeg, behalwe vir die doeke, die oggend van die eerste dag van die week. Drie besoeke word beskryf, maar nie een dui daarop dat die Verlosser op die eerste dag van die week (Sondag) opgestaan het nie. Van waar is hierdie dwaling? Van waar kom die Paas Sondag “heiligheid”? Waarom word die lering van mense verdedig, en die Skrif handhaaf dit nie? Hoekom soek na ’n lering wat in stryd is met die getuienis van Mattithyahu (Mattheus)? “Maar tevergeefs loof hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is.” (**Mat. 15: 9**).

’n Mens kan nie drie dae en drie nagte van ’n Goeie Vrydag begrafnis na ’n Paas Sondag opstanding inpas nie. Probeer soos jy wil, daar is net twee nagte en een dag van Vrydag sonder tot sonop Sondag. Tog is daar drie dae en drie nagte van die vierde dag van die week (Woensdag) tot Sabbat. Laat Yahushua se woord die waarheid en gesag wees, laat al die ander leringe as leuens gevind word. Yahushua het self die volgende geleer: **Mat 12:40** Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. Niemand betwis die verhaal van Jona dat hy drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was nie (**Jona 1:17**), waarom dan Yahushua se eie woorde betwyfel dat hy drie dae en drie nagte in die graf sou wees?

## Pasga / Pesach

Wat leer die Skrif ons van die Pasga, wanneer dit gehou moet word, hoe dit onderhou moet word, wie mag daaraan deelneem, ens?

Die instelling van die Pasga begin met die verhaal van die uittog van die volk Yisra’el uit Mitsrayim (Egipte), waar die volk 430 jaar gewoon het. Tersaaklike gedeeltes word aangehaal, maar elkeen word aangemoedig om die hele verhaal in **Exo 12** te lees.

**Exo 12:3-14** Spreek tot die hele vergadering van Yisra’el en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen ’n lam neem volgens die families, ’n lam vir ’n huisgesin. **4** Maar as ’n huisgesin te klein is vir ’n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die aantal wesens; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken. **5** Julle moet ’n lam hê sonder gebrek, ’n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. **6** En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Yisra’el moet dit slag teen die aand (letterlik “tussen die aande” / Hebreeus: bein arbayim – meer hieroor later). **7** En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet. **8** En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet. **9** Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed. **10** Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die môre toe nie; maar wat daarvan tot die môre oorbly, moet julle met vuur verbrand. **11** En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. ’n Pasga van Yahuweh is dit. **12** Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die idole van Egipte, Ek, Yahuweh. **13** Maar die bloed sal vir julle ’n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie. **14** En

hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot lof van Yahuweh vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.

**Exo 12:21** Moseh het toe al die oudstes van Yisra'el laat roep en aan hulle gesê: Gaan haal vir 'n lam vir julle families en slag die Pasga.

**Exo 12:48<sup>(b)</sup>** "... Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.

**Exo 12:43** Geen buitelanders (meer korrek, die seun van 'n vreemdeling), mag dit eet nie.

**Exo 12:45** 'n Vreemdeling (besoeker) of huurling mag nie daarvan eet nie.

**Exo 12:18** In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, in die aand, moet julle ongesuurde brode eet, tot op die een en twintigste dag van die maand, in die aand.

**Exo 12:42** Dit is 'n nag om wag te hou vir / aan Yahuweh, omdat Hy hulle uit Egipteland uitgelei het. Dit is dié nag van wagte tot Yahuweh deur al die kinders van Yisra'el in hulle geslagte.

**Deu 16:4** En daar mag by jou sewe dae lank geen suurdeeg in jou hele grondgebied gesien word nie.

**Luk 22:17-18** En toe Hy 'n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle. **18** Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van Elohim gekom het nie.

**Joh 13:3-5** het Yahushua, omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van Elohim uitgegaan het en na Elohim heengaan, **4** van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. **5** Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het.

#### Opsommend:

- 10<sup>de</sup> dag van die eerste maand:
  - Kies 'n skaap- of boklam, 'n rammetjie van 'n jaar oud (die letterlike betekenis van die Hebreeus in **Exo 12:5** is "n seun van 'n jaar").
  - Die lam moet sonder gebrek wees. Ons word in **Mat 5:48** gemaan om perfek te wees en soos ons Messias ook perfek en sonder gebrek was.
- 14<sup>de</sup> dag van die eerste maand
  - Slag die lam "tussen die aande". Ons vind dieselfde opdrag in **Exo 30:8** waar Aharon die opdrag vir die aansteek van die lampe gegee word: En as Aharon tussen die aande (bein arbayim) die lampe opsteek ... Ek verstaan hierdie om te beteken die lampe word aangesteek teen laat-middag, net voordat die son ondergaan, maar dat dit nog lig genoeg is om te sien wat gedoen word. **Deu 16:6** noem dit "in die aand teen sonder" of "in the evening, at the going down of the sun" (TS2009).
  - Maak die hele lam gaar, dit moet nie gekook word nie, maar moet oor 'n vuur gebraai word (*roasted in fire*).
  - Die vleis moet saam met ongesuurde brood en bitter kruie geëet word.
  - Die bloed van die lam moet aan die deurposte en die bo-drempel gesmeer word. Hierdie was die aanvanklike opdrag in Egipte om te verseker dat die boodskapper by daardie huis verbygaan. Ons kan redeneer dat hierdie opdrag net vir die eerste Pasga wat Yisra'el in die woestyn gehou het, bedoel was. Kan dit enige skade doen as ons dit nog steeds doen? Die Skrif sê immers dat ons die (hele) fees moet waarneem as 'n ewige wet! Wie is ons om te besluit wat van die Skrif ons kan uitlaat? Die bloed aan die deurposte en bo-drempel herinner ons aan twee dinge, naamlik (1) Dat Yahuweh die eersgeborenes van Yisra'el gespaar het, en (2) deur die versoenende bloed van Yahushua is ons ook gered.
  - Die vleis wat nie geëet word nie moet saam met die res van die lam dieselfde nag heeltemal uitgebrand word – niks van die lam mag tot die môre oorbly nie.

- Géén suurdeeg mag *gesien, gevind* of *geëet* word nie.
- Mans / seuns moet fisies besny wees om van die Pasga te mag eet.
- Indien iemand as gevolg van 'n lyk onrein is of as hy/sy op reis is, moet die Pasga op die veertiende dag van die tweede maand gehou word.
- Eet die Pasga lam, bitter kruie, ongesuurde brood en drink die vrug van die wynstok (wyn / druiwesap?) en was mekaar se voete.
- Dit is 'n nag *om wag te hou*, dit wil sê ons bly deur die nag wakker.

**Exo 12:21** (sien die aanhaling hierbo) sê dat die Pasga geslag moet word, dit wil sê indien 'n Pasga nie geslag word nie, dan kan dit wat gehou word, nie Pasga genoem word nie.

Ons lees in die Nuwe Verbond Skrifte dat Yahushua wel die Pasga gehou het (bv. **Lukas 22:7-20**) en aangesien Hy sonder sonde was, sou hy elke gebod, insluitend elkeen van die Feeste / Vasgestelde Tye van Sy Vader onderhou het. Ons sien dat Hy tydens die laaste Pasga voor Sy dood twee bykomende opdragte vir ons gegee het, naamlik die was van voete (**Joh 13:3-17**) en die drink van die vrug van die wynstok – **Luk 22:17-18**.

Wanneer ons as gesin die Pasga gebruik / onderhou, dan doen ons dit volgens al die voorskrifte soos dit vir ons opgeteken is, dit wil sê die Eerste en die Tweede Verbond, insluitend die kies van die Pasgalam op die tiende dag van die maand en die slag, gaarmaak en eet daarvan op die veertiende dag.

Baie mense is van mening dat die Pasga meer as net een keer per jaar gehou moet word, sommige is van mening dat dit so dikwels as wat ons wil, kan hou. Die opdrag met die instelling is duidelik, een keer per jaar op die veertiende dag van die eerste maand. As ons dit meer as een keer per jaar wil doen, volg ons nie die voorskrifte van Yahuweh nie. Maar, sal sommige sê, lees ons dan nie in **1Kor 11:25-26** dat ons die Pasga dikwels mag doen nie.

Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot My gedagtenis. **26** Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Meester totdat Hy kom.

Indien ons onderleg is in die Woord van Yahuweh soos Hy dit vir ons gee het en nie probeer om die Tweede Verbondskrifte te interpreteer voordat ons weet wat in die Eerste Verbondskrifte (Torah (Wet) en die Profete) vir ons gegee is nie, sal ons dalk verstaan dat ons die Pasga meer dikwels as volgens die voorskrifte van Yahuweh kan en mag hou. Indien ons weet en verstaan dat ons dit eenkeer per jaar moet onderhou, sal ons verstaan in watter konteks Sha'ul (Paulus) hierdie geskryf het. Al wat Sha'ul vir ons sê dat elke keer (een keer per jaar) as ons Pasga hou, hou ons dit *tot My gedagtenis* en *verkondig julle die dood van die Meester totdat Hy kom*. Lees wat sê Kepha (Petrus) van die briewe van Sha'ul.

**2Pe 3:16** net soos in al die briewe. Hy (verwysend na Sha'ul) spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie ondergang.

Die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal hierdie vers soos volg. Ek is glad nie 'n voorstander van hierdie vertaling nie, maar ek dink dit is 'n raak beskrywing:

Hy skryf dit ook in al sy briewe waarin hy oor hierdie saak handel. Daar is dinge in sy briewe wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan 'n verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang.

### **Week of Fees van Ongesuurde Brood / Matzot**

Hierdie Fees volg direk na Pasga en wel vanaf die vyftiende dag van die eerste maand tot die een en twintigste dag van die eerste maand. Die eerste en laaste dae is Rusdae en geen beroepswerk mag gedoen word nie.

**Exo 12:15-16** Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg (Sehore) uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood (Gamets) eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié wese moet uit Yisra'el uitgeroei word. **16** En op die eerste dag moet daar 'n afgesonderde samekoms wees; ook op die sewende dag moet daar vir julle 'n afgesonderde samekoms wees. Daar mag géén werk op dié dae gedoen word nie; net wat deur elkeen geëet moet word, dit alleen mag deur julle berei word.

**Exo 13:7** Ongesuurde brode (Matzot) moet die sewe dae geëet word: by jou mag geen gesuurde brood (Gamets) gesien word nie, en geen suurdeeg (Sehore) mag by jou in jou hele grondgebied gesien word nie.

**Lev 23:6-8** en op die vyftiende dag van hierdie maand is die Fees van die Ongesuurde Brode van Yahuweh; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet. **7** Op die eerste dag moet daar vir julle 'n afgesonderde vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. **8** Maar julle moet sewe dae lank aan Yahuweh 'n vuuroffer bring. Op die sewende dag moet daar 'n afgesonderde vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

**Exo 12:19-20** Sewe dae lank mag daar geen suurdeeg (Sehore) in julle huise gevind word nie. Want elkeen wat iets eet met suurdeeg (Machmetset) in, dié wese moet uit die vergadering van Yisra'el uitgeroei word, of hy al 'n vreemdeling is of 'n kind van die land. **20** Julle mag niks eet met suurdeeg (Machmetset) in nie. In al julle woonplekke moet julle ongesuurde brode (Matzot) eet.

**Deu 16:4** En daar mag by jou sewe dae lank geen suurdeeg (Sehore) in jou hele grondgebied gesien word nie.

Ek het die Hebreeuse woorde ingevoeg om tussen die verskillende woorde te kan onderskei.

Die opdrag om gedurende hierdie week ongesuurde brood te eet het tot gevolg dat ons méér as normaalweg *label readers* moet wees. Ons moet seker maak dat daar niks in ons huis is wat enigszins suurdeeg bevat nie, die opdrag is dat suurdeeg nie *gevind*, *geëet* of *gesien* mag word nie. Daar is 'n paar dinge wat ons verder moet ondersoek om te verstaan wat hierdie opdrag beteken. Daar is drie woorde in Hebreeus wat as “suurdeeg” vertaal word en verwys na die Hebreeuse woorde in die verse hierbo om beter konteks te kry. Vir maklike verwysing is die Strong's verwysing langsaan.

**Gamets**<sup>H2557</sup> / קמח – Brood wat met suurdeeg gebak is.

**Machmetset**<sup>H2557</sup> / תצמחמ – Enige kos wat suurdeeg bevat, byvoorbeeld brood, bier, whisky, ens. (*that which is leavened*)

**Sehore**<sup>H7603</sup> / שאר – Suurdeeg, suurdeeg plantjie, gis (dit is nie kos nie).

Enige bestanddeel (bv. eiers, bakpoeier, ens.) wat deeg laat rys, behalwe “suurdeeg / gis”, is nie suurdeeg (sehore) nie en mag gedurende die Week van Ongesuurde Brood geëet, gesien en gevind word. Dit sluit *self-rising flour* in, wat nie suurdeeg bevat nie, maar bakpoeier.

## Beweeg / Wuif van die Eerstelingsgerf / Yom HaBikkurim

Ons word in **Lev 23:10-14** opdrag gegee om die eersteling van ons oes na die priester te neem sodat hy dit voor Yahuweh kan wuif of beweeg. Die eerste vrugte, gars, hawer, mielies, koring, druiwe, ens. wat gedurende hierdie tyd van die jaar (Maart / April) ryp word is nie vir ons gebruik bedoel nie, maar behoort aan Yahuweh. Indien daar 'n priesterorde in plek was, sou ons hierdie opdrag moes uitvoer en totdat daar weer 'n priesterorde daargestel is, is dit nie vir ons moontlik om hierdie opdrag uit te voer nie, hoe graag ons dit ook al wil doen. Die priesterorde moet natuurlik Skriftuurlik wees, met ander woorde net afstammeling uit die stam van Levi mag priesters wees. **Num 3:6-12**.

Daar mag nie van die nuwe jaar se oes geëet word vóórdat die Eerstelinge van die oes voor Yahuweh beweeg is nie. Vir ons is dit onmoontlik om te weet van watter oes (vorige jaar of huidige jaar) ons koop en totdat 'n Torah-gesentreerde regering daargestel is, sal dit onmoontlik bly.

Hierdie vind altyd op die eerste dag van die week (sondag) plaas en dit is ook dag 'een' vir die tel van die vyftig dae na die Fees van Weke.

Ek dink 'n goeie gebruik is om nie die eerstelinge van ons oes self te gebruik nie, onthou dit behoort aan Yahuweh, maar eerder aan behoeftiges te gee.

### **Fees van Weke / Pinksterfees / Shavu'ot**

Hierdie Fees is vyftig dae na die Week van Ongesuurde Brood. Dit is die enigste Fees wat bereken word, d.w.s. om te tel en nie om vir die nuwe maan te kyk nie. Geen beroepswerk mag gedoen word nie. Die Engelse woord is "Pentecost" wat 'vyftig' of 'die vyftigste' beteken.

**Lev 23:10-16, 21-22** Spreek met die kinders van Yisra'el en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring. **11** En hy moet die gerf voor die aangesig van Yahuweh beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die Sabbat moet die priester dit beweeg. **12** Julle moet ook op die dag as julle die gerf beweeg, 'n jaaroud lam sonder gebrek as brandoffer aan Yahuweh berei, **13** en die spysoffer wat daarby behoort, twee tiendes van 'n efa fynmeel met olie gemeng as vuuroffer aan Yahuweh, 'n lieflike geur, en daarby die drankoffer van wyn, 'n kwart hin. **14** En julle mag geen brood of gebraaide koring of vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die offer van julle Elohim bring. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woon-plekke. **15** Dan moet julle tel van die dag ná die Sabbat, van die dag af as julle die beweeg-offergerf bring sewe volle weke moet dit wees; **16** tot die dag ná die sewende Sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan Yahuweh bring. **21** En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n afgesonderde vierdag moet dit vir julle wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte. **22** En as julle die opbrings van jul land oes, moet jy die kant van jou land as jy oes nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly. Ek is Yahuweh julle Elohim.

**Deu 16:9** Sewe weke moet jy tel; vandat die sekel die eerste keer in die opgesnyde graan geslaan word, moet jy sewe weke begin tel. **10** Dan moet jy die Fees van die Weke hou vir Yahuweh jou Elohim ooreenkomstig die vrywillige offer van jou hand wat jy sal gee, namate Yahuweh jou Elohim jou sal seën.

Daar bestaan verskille vanaf watter dag / datum getel moet word. Sommige (veral Joodse rabbi's) is van mening dat vanaf die dag na die eerste dag van Ongesuurde Brood (wat wel 'n rusdag is) getel moet word. Vers 16 sê egter dat ons tot die "dag ná die sewende Sabbat moet julle vyftig dae tel", dit wil sê die 50<sup>ste</sup> dag is die dag ná die Sabbat. Indien vanaf die Rusdag getel word, sal die vyftigste dag nie die dag na die Sabbat wees nie (behalwe in dié jaar wanneer die eerste dag van Ongesuurde Brood op die weeklikse Sabbat val). Volgens bovermelde Skrif-gedeelte moet ons vanaf die weeklikse Sabbat wat gedurende die Week van Ongesuurde Brood val, begin tel, dit wil sê daardie Sabbat is "Sabbat zero", die volgende weeklikse Sabbat is een, tot ons sewe volle Sabbatte getel het, en die dag daarna is dan die "Fees van Weke", wat altyd op die eerste dag van die week (sondag) sal wees.

### CALCULATING THE FIRST SHAVUOTH

**1. Starting point**  
Shemoth 16:1, 6, 12, 22, 23  
The 7<sup>th</sup> day after the 15<sup>th</sup> day of the 2<sup>nd</sup> Month is a Shabbat!

**2. Therefore, count backwards, to fill in all the Sabbaths**  
Thus we see that  
14/1=Yom Rvii (Daylight=Roman Wednesday)  
15/1=Yom Chamishi (Daylight= Roman Thursday)

**3. TO CALCULATE SHAVUOTH:**  
7 Sabbaths shall be complete then Shavuoth falls on the 50<sup>th</sup> day  
If Shabbat #1 falls on 24/1, (i.e. following Chag Ha Matzot) then Shabbat #7 falls on 7/3, and so Shavuoth falls on 8/3  
This harmonizes as follows:  
The very day they came into the wilderness of Sinai – Shemoth 19:1  
This means a Thursday, Yom Chamishi, not a calendar date and so would fall on 5/3  
3 Days are mentioned:  
Today (Yom Chamishi)  
Tomorrow (Yom Shishi)  
Third day (Shabbat) (Shemoth 19:10 & 11)  
This 3<sup>rd</sup> day was:  
- The 49<sup>th</sup> day  
- A Shabbat  
- A day of the hearing of the Torah  
Shemoth 19:15, 16 & 20:1-23:33  
Shavuoth was on Yom Rishon Shemoth 24:4 - "Early in the morning" Thus Shemoth 24:1-3 must have been evening before.

**Note:** If Shabbat # 1 falls on 17/1, then Shabbat # 7 falls on 29/2, thus making Shuvuoth fall on 1/3. This would mean their arrival 3 days beforehand (Shemoth 19:1, 2, 10), i.e. in the 2<sup>nd</sup> month which would contradict Shemoth 19:1, 2 where we are told that this took place in the 3<sup>rd</sup> month.

Thus we see the impossibility of beginning to count the 50 days so that the first Shabbat falls within the week of Chag Ha Matzot.

Rather, we see that the counting of the 50 days begins with Day # 1 as Yom Rishon following Pesach, and the **FIRST SHABBAT** following Chag Ha Matzot!

"Seven Sabbaths shall be complete"

**Thus the covenant was cut on Yom Rishon - not on Shabbat!**

Copyright© by Lindsay Christie 1988-2015. All rights reserved.

Ons lees in die tweede hoofstuk van Handelingte dat hulle tydens die Fees van Weke bymekaar was, en dat die Afgesonderde Gees uitgestort is en dat ongeveer drie duidend tot bekering gekom het. Sien ook die skematiese voorstelling (deur Lindsay Christie gedoen en hy het ook goedkeuring verleen dat ek dit mag gebruik) wat aantoon dat die Verbond op hierdie dag aan die volk Yisra'el gegee is. Daar was tydens hierdie gebeure 'n skokkende gebeurtenis deurdat die volk omgekrap geraak het en 'n goue kalf gemaak het. Yahuweh was baie toornig en Moshéh het die Leviete opdrag gegee om die volk dood te maak. Ons lees in **Exo 32:28** dat ongeveer drie duisend deur die swaard omgekom het. Wonderlik om die parallel te sien dat, tydens die tyd van die gee van die Verbond omtrent drie duisend as gevolg van ongehoorsaamheid gesterf het, maar tydens Shavu'ot nadat Yahushua tereggestel is en die uitstorting van die Gees, omtrent drie duisend tot bekering gekom het – **Hand 2:41**.

## Trompettefees / Fees van Geluide / Teru'ah

Ter inleiding net 'n regstelling in die vertaling van die naam van hierdie Fees. Met die uitsondering van enkele vertalings, word hierdie vers bykans deurlopend as “gedenkdag deur basuingeklank”, “a memorial of blowing of trumpets”, “marked by the blowing of horns, ens. vertaal. Die *1898 Young's Literal Translation* vertaal dit as “a memorial of shouting” en die *exeGesés companion Bible* vertaal die vers as “a memorial of blasting”. Die Hebreeuse woord wat as “basuin”, “horns” en “trumpets” vertaal word, is תְּרוּעָה / terû'âh / ter-oo-aw' <sup>H8643</sup> en Strong's se definisie is as volg: From <sup>H7321</sup>; *clamor*, that is, *acclamation of joy or a battle cry* en <sup>H7321</sup> se definisie is: A primitive root; to *mar* (especially by breaking); figuratively to *split* the ears (with sound), that is, *shout* (for alarm or joy): - blow an alarm, cry (alarm, aloud, out), destroy, make a joyful noise, smart, shout (for joy), sound an alarm, triumph.

Die onderliggende betekenis van die woord is dus “om 'n geraas” te maak of om te “skree / shouting”, wat met die mond (lofsange, jubel, ens.) trompette, basuine, ens. gemaak kan word, nie noodwendig net met trompette of ander musiekinstrumente nie. Ons sien in **2Sam 6:15** dat beide die woorde “teru'ah” (geluide / geraas) en “shofar”<sup>21</sup> gebruik word, daar is dus 'n duidelike onderskeiding van hierdie twee woorde. Die essens gaan verlore deur ‘teru'ah’ met ‘trompette’ of ‘basuine’ te vertaal: So het Dawid en die hele huis van Yisra'el dan die ark van Yahuweh met gejuig (teru'ah) en basuingeklank (shofar) opgehaal.

Hierdie Fees vind op die eerste dag van die sewende maand plaas en die opdrag is soos volg:

**Lev 23:24** Spreek met die kinders van Yisra'el en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenkdag deur geluide te maak, 'n afgesonderde bymekaarkoms.

Soos met die Feeste van die eerste maand, is dit belangrik om vir die nuwe maan te kyk en sodra ons die nuwe maan net na sonder in die weste sien, weet ons dat die volgende oggend met sonsopkoms, die begin van die sewende maand is. Daar is egter nie 'n duidelike verduideliking in die Skrif waarom die dag gehou moet word of na watter geskiedkundige geleentheid die dag verwys nie.

Hierdie dag staan ook as Rosh haShanah bekend, die letterlike betekenis van *Rosh* is ‘hoof’ en van *haShanah* is ‘die jaar’. Ons lees hiervan in **Ese 40:1** In die vyf en twintigste jaar van ons ballingskap, in die hoof van die jaar, op die tiende van die eerste maand, in die veertiende jaar nadat die stad ingeneem is, op daardie selfde dag, was die hand van Yahuweh op my, en Hy het my daarheen gebring.

LET WEL, die 1953 Afrikaanse Vertaling het “eerste” ingevoeg, dit kom nie in Hebreeus voor nie. Hier word na die 10<sup>de</sup> dag van die maand verwys, nie na die eerste dag van die sewende maand nie, ons vind nêrens in die Skrif dat die Fees van Geluide die begin van die jaar is nie.

## Dag van Verootmoediging / Versoendag / Yom haKippurim

Die opdrag is soos volg:

**Lev 23:27-32** Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die Versoendag. 'n Afgesonderde bymekaarkoms moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan Yahuweh 'n vuuroffer bring. **28** En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n Versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van Yahuweh julle Elohim. **29** Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word. **30** Ook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié wese sal Ek uitroei onder sy volk uit. **31** Julle mag géén werk doen nie; dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke. **32** 'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul Sabbat hou.

<sup>21</sup> Shofar is 'n dier se horing, skaap of bok, ens.

Hierdie dag word dus vanaf die aand van die negende dag tot die aan van die tiende dag gehou, vers 32. Maar wat beteken “dan moet julle jul verootmoedig”? Om net na hierdie gedeelte te kyk, kan ons nie werklik aflei wat op hierdie dag van ons verlang word nie. Wat ons wel baie duidelik sien is dat dit ’n tydperk van volkome rus is, dit is ’n Sabbat net soos die Sabbat op die sewende dag van die week, en géén werk mag gedoen word nie.

Die eerste keer waar hierdie term (verootmoedig) gebruik word, is in **Gen 15:13** "Daarop sê Hy vir Avram (Abram): Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ’n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vier honderd jaar lank." **Exo 1:11-12** Daar is toe opsigters van dwangarbeid oor hulle aangestel om hulle met harde arbeid te verdruk. En hulle het vir Faraó die voorraadstede Pitom en Raämses gebou. **12** Maar hoe meer hulle verdruk is, hoe meer het hulle vermenigvuldig en hulle uitgebrei, sodat hulle bang geword het vir die kinders van Yisra’el. **Exo 22:22-23** Julle mag geen weduwee of wees verdruk nie. **23** As jy hulle op enige manier verdruk, waarlik, dan sal Ek, as hulle na My roep, hulle geroep sekerlik hoor.

Ons lees verder in **Esra 8:21** Toe het ek daar ’n vastyd uitgeroep aan die rivier Ahawa, om ons te verootmoedig voor die aangesig van ons Elohim ten einde van Hom ’n voorspoedige reis te vra vir ons en ons families en al ons goed. **Psa 35:13** En ek — toe hulle siek was, het ek ’n roukleed gedra; ek het my wese verootmoedig (vertaal met ‘kwel’ in die Afrikaanse vertaling, maar dieselfde Hebreeuse woord as in **Lev 23:27** en **Esra 8:21** word gebruik) met vas, en my gebed het teruggekeer in my boesem. **Jes 58:3** Waarom vas ons, en U sien dit nie? Waarom verootmoedig (vertaal met ‘kwel’ in die Afrikaanse vertaling, maar dieselfde Hebreeuse woord as in **Lev 23:27** en **Ezra 8:21** word gebruik) ons wese, en U weet dit nie?

Die betekenis wat ons in Genesis en Exodus sien is dus dié van verdrukking, lyding en swaarkry. In die gedeeltes in Psalm, Ezra en Jesaja sien ons dat hierdie verdrukking, lyding en swaarkry gepaard gaan met vas. Die boodskap in Levitikus om ons te ‘verootmoedig’ beteken dus om te vas, om ons van enige voedsel en drank te weerhou. Wanneer ons vir ’n tydperk van 24 uur vas, dan gaan ons gewis deur ’n tydperk van lyding, ons smag na iets om te drink of te eet.

### Huttefees / Fees van Tydelike Wonings / Sukkot

**Lev 23:34-36, 40-43** Spreek met die kinders van Yisra’el en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir Yahuweh. **35** Op die eerste dag moet daar ’n afgesonderde samekoms wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. **36** Sewe dae lank moet julle aan Yahuweh ’n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle ’n heilige vierdag wees, en julle moet aan Yahuweh ’n vuuroffer bring. Dit is ’n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie. **40** En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van goeie bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van Yahuweh julle Elohim vrolik wees. **41** En julle moet dit as ’n fees van Yahuweh sewe dae in die jaar vier. Dit is ’n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. **42** Sewe dae lank moet julle in tydelike wonings (hutte) woon; almal wat in Yisra’el gebore is, moet in tydelike wonings woon, **43** sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Yisra’el in tydelike wonings laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is Yahuweh julle Elohim.

Wat beteken Huttefees of ‘Sukkot’ סֻכּוֹת / sūkkâh / sook-kaw? **H5521** (enkelvoud is sukka). Strong’s sê die woord kom van die “Vroulik van **H5520**” wat op sy beurt van **H5526** afkomstig is met die definisie van A primitive root; properly to *entwine* as a screen. Die woord kom die eerste keer in **Gen 33:17** voor: Maar Ya’acov het na Sukkot weggetrek en vir hom ’n huis gebou en takkrale (sukkot) vir sy vee gemaak. Daarom het hy die plek genoem Sukkot. Takkrale is gewoonlik tydelik van aard en word mettertyd met ’n permanente omheining vervang.

Die opdrag beteken dat ons vir sewe dae vanaf 15<sup>de</sup> dag van die sewende maand in *sukkot* moet woon. Maar wat beteken dit om in *sukkot* te woon? Vir my lyk dit asof hierdie woord beteken dat die



woning / woonplek tydelik moet wees, dit wil sê dit is 'n plek waar ons nie normaalweg woon nie. Ek dink nie ons kan die Fees van Sukkot in die huis waar ons normaalweg woon, hou nie. Ons het nog altyd die Fees in 'n karavaan gehou en die gelowiges wie saam met ons die Fees gehou het, het in karavane of tente gewoon. Ek dink nie die Afrikaanse vertaling wat "hutte" gebruik is korrek nie, vir my is hutte 'n baie permanente struktuur – maar laat elkeen dit met gebed voor Yahuweh bring om meer duidelikheid te kry. Maar daar is 'n ander opdrag, naamlik dat ons vrugte moet neem en takke van verskillende bome moet afsny en daarmee vrolik moet wees voor Yahuweh, doen ons dit?

Maar vers 42 sê dan dat "almal wat in Yisra'el gebore is" die Fees moet onderhou – ons is nie in Yisra'el gebore nie en daarom hoef ek nie die Fees te hou nie? Ons lees in **Rom 11** dat wanneer ons die wil van die Vader doen, dan word ons as wilde olyftakke op die goeie / mak olyfboom ingeënt en word ons deel van Yisra'el. Ons weet dat Yahuweh net vir Yisra'el as Sy volk uitverkies het (**Deu 7:6, Deu 10:15, Deu 14:2, Deu 26:18, Deu 29:10-13, Jes 43:1, Psa 135:4, Amos 3:1-2, Jer 31:31**, ens.), ons moet deel van Yisra'el word om by een van die 12 poorte van die nuwe Yerushalayim (Jerusalem) in te gaan, hierdie poorte is vir die twaalf stamme van Yisra'el bedoel (**Open 21:12**). Daar is nie afsonderlike poorte vir verskillende kerke, denominasies, gelowe, ens. nie, twaalf poorte vir die twaalf stamme. Is ons al deel van een van die stamme van Yisra'el?

Kyk wat die straf is indien ons nie hierdie Fees hou nie - **Sagaría 14:16-18** En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Yerushalayim aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Regeerder, Yahuweh van die leërskaer, en om die Fees van Tydelike Wonings te vier. **17** En wie uit die geslagte van die aarde nie na Yerushalayim optrek om voor die Regeerder, Yahuweh van die leërskaer, te aanbid nie — hulle sal geen reën kry nie. **18** En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee Yahuweh die nasies tref wat nie opgaan om die Fees van Tydelike Wonings te vier nie.


Die Fees van Tydelike Wonings wat sewe dae duur sluit af met op die agtste dag met 'n afgesonderde byeenkoms: **Lev 23:39** Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die oprings van die land insamel, moet julle die fees van Yahuweh sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. Die agtste dag, wat los staan van die Fees van Tydelike Wonings, staan ook as *Shemini Atzeret* (agtste dag) en *Simchat Torah* (verblyding in die Torah) bekend.

Dit is bereken dat ons Messias gedurende die Fees van Tydelike Wonings gebore is en nie met kersfees, in die middel van die winter (in die noordelike halfmond) nie, die verse hieronder laat my baie aan 'n kersboom dink, baie eeue voor die geboorte van Yahushua! Indien Yahuweh wou gehad het dat ons die geboorte van Yahushua moes herdenk, sou Hy dit sekerlik vir ons êrens in Sy Woord gesê het wanneer Sy geboorte was. Maak gerus 'n studie van die herdenking van verjaarsdae in die Skrif, dit is 'n baie interessante onderwerp. Kersfees kan direk na sonaanbidding herlei word.

**Jer 10:3-4** Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. **4** Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie.

## Tydlyn van die Feesdae / Samekomste / Vasgestelde Tye

### Tydlyn van Yahuweh se Jaarlikse Feesdae / Samekomste / Vasgestelde Tye



#### Wat is ons op die Vasgestelde Tye / Feesdae geoorloof om te mag doen?

Samekoms / Feestyd / Vasgestelde Tyd	Verwysing
<b>Weeklikse Sabbat</b>	<p><b>Afgesonderde (heilige) byeenkoms</b>                      Gen 2:3 – Afgesonder.                      Exo 16:23 – Geen kook, bak of gaarmaak van kos.                      Exo 20:10 – Géén werk.                      Exo 31:14 – Géén werk.                      Exo 31:15 - Elkeen wat op die Sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word.                      Lev 23:3 – Volkome rus.                      Jer 17:24 – Géén werk.                      Mat 12:11-13 – Geoorloof om goed te doen bv. om 'n dier uit die put haal wat ingeval het en om gesond te maak.</p>
<b>Pasga</b>	<p>Gewone werksdag, geen beperking wat gedoen mag word nie.  <b>NB</b> – Indien die Pasga op die weeklikse Sabbat is, mag die werk verbonde aan voorbereiding van die Pasga gedoen word, (bv. slag van die lam, aansteek van die vuur, ens.), maar andersins geld die reëls van die weeklikse Sabbat.</p>
<b>Week van Ongesuurde Brood – Eerste Dag</b>	<p><b>Afgesonderde byeenkoms</b>                      Exo 12:16 – Geen werk.                      Exo 12:16 – Mag etes vir dié dag voorberei.                      Lev 23:7 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie.                      Num 28:18 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie.</p>

Samekoms / Feestyd / Vasgestelde Tyd	Verwysing
<b>Week van Ongesuurde Brood – Sewende Dag</b>	<b>Afgesonderde byeenkoms</b> Exo 12:16 – Geen werk. Exo 12:16 – Mag etes vir dié dag voorberei. Lev 23:8 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie. Num 28:25 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie. Deu 16:8 – Geen werk.
<b>Beweeg / Waai van Eerstelingsgerf</b>	Word nie as 'n rusdag, Sabbat of 'n afgesonderde dag aangedui nie.
<b>Fees van Weke / Pinkster / Pentecost</b>	<b>Afgesonderde byeenkoms</b> Lev 23:21 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie. Num 28:26 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie.
<b>Fees van Geluide (Trompetfees)</b>	<b>Afgesonderde byeenkoms</b> Lev 23:25 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie. Num 29:1 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie.
<b>Dag van Verootmoediging</b>	<b>Afgesonderde byeenkoms</b> Lev 23:28 – Geen werk mag gedoen word nie. Lev 23:32 – Sabbat Lev 16:29 – Geen werk mag gedoen word nie. Num 29:7 – Geen werk mag gedoen word nie.
<b>Fees van Tydelike Wonings (Hutfees) – Eerste Dag</b>	<b>Afgesonderde byeenkoms</b> Lev 23:35 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie. Num 29:12 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie.
<b>Agtste Dag</b>	<b>Afgesonderde byeenkoms</b> Lev 23:36 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie. Num 29:35 – Geen beroepswerk mag gedoen word nie.

### Sabbats-“jaar”

Die Skrif leer ons dat elke sewende jaar 'n Sabbat vir die land is, die woord “jaar” is nie in die Hebreuse geskrifte nie.

Hierbo het ons kortliks na die weeklikse Sabbat en die jaarlikse feeste gekyk. Behalwe die jaarlikse Feeste is daar nog twee ander Vasgestelde Tye wat ons moet onderhou, naamlik die Sabbats-“jaar” en die Jubilee-“jaar”.

**Lev 25:1-7** Verder het Yahuweh met Moseh gesprek by die berg Sinai en gesê: **2** Spreek met die kinders van Yisra'el en sê vir hulle: As julle in die land inkom wat Ek julle gee, moet die land 'n Sabbat hou vir Yahuweh. **3** Ses jaar lank mag jy jou land saai en ses jaar lank jou wingerd snoei en die opbrings daarvan insamel; **4** maar in die sewende jaar moet daar vir die land volkome rus wees, 'n Sabbat vir Yahuweh; jou land mag jy nie saai en jou wingerd nie snoei nie. **5** Wat van jou oes opslaai, moet jy nie afoes nie, en die druiwe van jou ongesnoeide wingerdstok nie afsny nie. Dit moet 'n jaar van rus vir die land wees. **6** En die opbrings van die Sabbat van die land sal julle voedsel wees; vir jou en jou slaaf en jou slavin en jou dagloner en jou bywoner wat by jou vertoef, **7** en vir jou vee en die wild wat in jou land is, sal die hele opbrings daarvan wees om te eet.

Nie net moet ons elke sewende dag van die week as 'n Sabbat hou nie, maar die land moet ook elke sewende jaar rus gegee word. Wat sê die bovermelde verse vir ons, hoe word hierdie in die praktyk toegepas? Ses jaar kan ons plant, saai en oes, maar die sewende jaar mag ons nie plant en saai nie en ons mag nie oes. Ons mag ook nie ons wingerd snoei nie (dit is waarskynlik ook op ander plante wat normaalweg gesnoei word, van toepassing). Ons mag wel dit wat vanself opkom, afsny om te eet, maar nie oes en bymekaarmaak nie. Maar kyk wat sê Yahuweh verder:

**Lev 25:20-22** En as julle sê: Wat moet ons in die sewende jaar eet as ons nie mag saai nie en ons oes nie mag insamel nie? **21** dan gebied Ek my seën vir julle in die sesde jaar, en dit sal die oes vir die drie jare oplewer. **22** En in die agtste jaar moet julle saai en van die ou oprings eet tot die negende jaar toe; totdat die oprings hiervan inkom, moet julle die oue eet.

Is dit nie wonderlik om die versekering van Yahuweh te kry, dat wanneer ons gehoorsaam is, Hy ons sal seën en dat ons voedsel vir drie jaar sal hê nie?

Maar daar is ook 'n verdere opdrag, naamlik dat ons ons skuldenaars moet kwytskeld van hulle skuld aan ons:

**Deu 15:1-9** Aan die einde van sewe jaar moet jy 'n kwytskelding laat plaasvind. **2** En dit is die saak van die kwytskelding: elke skuldeiser moet kwytskeld wat hy aan sy naaste geleen het; hy moet sy naaste en sy broer nie aanmaan (die Hebreeuse woord hier het die betekenis van om druk uit te oefen) nie, want tot lof van Yahuweh is daar 'n kwytskelding uitgeroep. **3** Die uitlander mag jy aanmaan (die Hebreeuse woord hier het die betekenis van om druk uit te oefen); maar wat jy by jou broer het, moet jou hand kwytskeld. **4** Maar daar moet geen arme by jou wees nie, want Yahuweh sal jou ryklik seën in die land wat Yahuweh jou Elohim jou as erfenis sal gee om dit in besit te neem; **5** as jy net goed luister na die stem van Yahuweh jou Elohim om sorgvuldig te hou al hierdie gebooie wat ek jou vandag beveel. **6** Want Yahuweh jou Elohim seën jou soos Hy jou beloof het, sodat jy aan baie nasies sal uitleen, maar self nie hoef te leen nie; en jy sal oor baie nasies regeer, maar oor jou sal hulle nie regeer nie. **7** As daar by jou 'n arme is, een uit jou broers, in een van jou poorte, in jou land wat Yahuweh jou Elohim jou sal gee, dan moet jy jou hart nie verhard en jou hand nie toehou vir jou arm broer nie. **8** Maar jy moet jou hand wyd oopmaak vir hom, en jy moet gewillig aan hom leen, genoegsaam vir sy behoefte, wat hom ontbreek. **9** Neem jou in ag, dat daar in jou hart geen slegte gedagte is nie, naamlik: Die sewende jaar, die jaar van kwytskelding, is naby — en jou oog dan jou arm broer skeef aankyk, en jy hom niks gee nie, en hy teen jou na Yahuweh roep, en dit sonde in jou word.

Yahuweh maan ons hier dat ons nie *stingy* moet wees wanneer ons broer ons hulp vra nie — ons moet nie tel hoe lank dit tot die sewende jaar is om te kyk of hy ons sal kan terugbetaal nie, nee, ons moet leen soos ons geseën word, dit wat ons skuldenaar nie kan terugbetaal nie, moet ons hom kwytskeld.

Daar is baie groot onsekerheid wanneer die volgende Sabbatsjaar is en dit is vir elkeen om hierdie saak te ondersoek en dit self uit te maak wanneer dit is. Baie is van mening dat dit 2015 is, maar andere is weer van mening dat dit 2016 is.

## Jubel-“jaar”

Let asseblief op die volgende:

Die Hebreeuse teks bevat nie die woord ‘jaar’ nie, maar “yôvêl”, jubel is waarskynlik korrek, maar sonder om die woord “jaar” by te voeg, dus net “jubel”.

Die 1953 Afrikaanse Vertaling gebruik “sewe jaarweke” (die gedeelte hieronder) en die Nuwe Afrikaanse Vertaling “sewe sabbatsjare”, wat 'n baie beter vertaling is. Die Hebreeuse teks lees: *sewe Sabbatte van jare*.

**Lev 25:8-15** Jy moet ook sewe jaarweke (*sewe Sabbatte van jare*) tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van die sewe jaarweke (*sewe Sabbatte van jare*) vir jou nege en veertig jaar is. **9** Dan moet jy in die sewende maand, op die tiende van die maand, 'n basuingeklank laat deurgaan; op die Versoendag moet julle die basuin deur julle hele land laat gaan. **10** En julle moet die vyftigste jaar afsonder en 'n vrylating in die land uitroep aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees; dan moet julle elkeen na sy

besitting en elkeen na sy geslag teruggaan. **11** 'n Jubeljaar moet dit, die vyftigste jaar, vir julle wees. Julle mag nie saai nie, ook nie afoes wat dan opslaan of die druiwe van die onbesnoeide wingerdstok dan afsny nie. **12** Want dit is 'n jubeljaar, dit moet vir julle afgesonderd wees: van die land af moet julle die opbrings daarvan eet. **13** In hierdie jubeljaar moet julle elkeen na sy besitting teruggaan. **14** Daarom, as jy iets aan jou naaste verkoop of van jou naaste koop, moet julle mekaar nie verdruk nie; **15** volgens die getal jare ná die jubeljaar moet jy van jou naaste koop; volgens die getal jare dat daar 'n oes is, moet hy dit aan jou verkoop;

Die vyftigste jaar is ook 'n Sabbatsjaar vir die grond deurdat daar nie geplant, gesaai en geoes word nie. 'n Verdere opdrag is dat, indien grond aan iemand buite stamverband verkoop is, daardie stuk grond aan die regmatige eienaar terugbesorg moet word.

Soos met die Sabbatsjaar, is daar groot onsekerheid wanneer die volgende Jubeljaar is, sommige is van mening dat dit 2045 kan wees, alhoewel ander weer van mening is dat die volgende Jubeljaar in 2029 is. Ons moet elkeen self ondersoek instel en onself vergewis wanneer hierdie jare / vasgestelde tye behoort te wees.

### **Nuwe Maan Fees**

Volgens die Skrif moet die begin van die maand onderhou word, en ons sien dit in onder andere vir volgende verse (daar is nog ander verse):

**Num 10:10** Op die dag as julle vrolik is, sowel as op julle vasgestelde tye en by die begin van julle nuwemane moet julle by jul brandoffers en by jul dankoffers op die trompette blaas: hulle sal dien om julle in gedagtenis te bring voor die aangesig van julle Elohim. Ek is Yahuweh julle Elohim.

**Num 28:11** En by die begin van julle nuwemane moet julle 'n brandoffer aan Yahuweh bring: twee jong bulle en een ram, sewe jaaroud lammers sonder gebrek;

**1Ch 23:31** en vir al die offerwerk van die brandoffers aan Yahuweh op die Sabbatte, op die nuwemane en op die vasgestelde tye, in getal volgens die verordeninge daarvoor, gedurigdeur voor die aangesig van Yahuweh.

**1Sa 20:5 & 18** Toe sê Dawid vir Jónatan: Kyk, môre is dit nuwemaan, en ek moet sekerlik met die koning saam aansit om te eet; maar laat my gaan, dat ek my wegsteek in die veld tot oormôre-aand. **18** Verder het Jónatan vir hom gesê: Môre is dit nuwemaan, en jy sal gemis word, want jou sitplek sal leeg wees.

**Psa 81:3** (in sommige vertalings vers 4) het spesiale vermelding nodig aangesien dit in baie vertalings verkeerd vertaal is.

#### 1953 Afrikaanse Vertaling

Blaas die basuin op nuwemaan, op **volmaan** vir ons feesdag.

#### King James Version

Blow up the trumpet in the new moon, in the **time appointed**, on our solemn feast day.

#### The Scriptures (ISR) 2009

Blow a shophar in the New *Moon*, in the **covering** for the day of our festival.

#### Israeli Authorised Version

Blow up the shofar in the new moon, in the **time appointed**, on our solemn feast day.

#### American Standard Version

Blow the trumpet at the new moon, At the **full moon**, on our feast-day.

Jubilee Bible

Blow the shofar in the new moon in the **time appointed** on our solemn feast day.

Literal Translation of the Holy Bible (Jay P Green Snr.)

Blow the ram's horn in the new moon, at the **full moon**, on our feast day.

Die Pad van Waarheid tot die Lewe

Blaas die ramshoring op die Nuwemaan en op die **vasgestelde tye**, op ons ernstige feesdae,

Young's Literal Translation of the Holy Bible

Blow in the **month** a trumpet, In the new moon, at the day of our festival,

Hebrew Study Bible

H7782 sho-Far; the trumpet שׁוֹפָר H2320 va-Cho-desh in the new moon בְּחֹדֶשׁ H8628 tik-'U Blow up תִּקְעוּ  
H2282 chag-Ge-nu. on our חַגְגֵנוּ: H3117 le-Yom day לְיוֹם H3677 bak-Ke-seh, in the time appointed בְּפֶסַח  
solemn feast

Hebrew Old Testament

H2282 חַגְגֵנוּ: H3117 לְיוֹם H3677 בְּפֶסַח H7782 שׁוֹפָר H2320 בְּחֹדֶשׁ H8628 תִּקְעוּ

Volgens die voorbeelde van die vertalings hierbo, is dit duidelik dat die grootste verskil met die vertaling van “kehseh / volmaan / vasgestelde tye / time appointed / covering” is.

### Strong's

**3677** פֶּסַח, כְּסָה [kece', keceh /keh-seh/] n m. Apparently from 3680; TWOT 1006; GK 4057 and 4060; Two occurrences; AV translates as “appointed” twice. **1** full moon.<sup>22</sup>

Hierdie woord se oorsprong is van 3680 כָּסָה (kacah /kaw·saw) en Strong's se definisie is soos volg:

**3680** כָּסָה [kacah /kaw·saw/] v. A primitive root; TWOT 1008; GK 4059; 152 occurrences; AV translates as “cover” 135 times, “hide” six times, “conceal” four times, “covering” twice, “overwhelmed” twice, “clad” once, “closed” once, and “clothed” once. **1** to cover, conceal, hide. 1A (Qal) conceal, covered (participle). 1B (Niphal) to be covered. 1c (Piel). 1c1 to cover, clothe. 1c2 to cover, conceal. 1c3 to cover (for protection). 1c4 to cover over, spread over. 1c5 to cover, overwhelm. 1D (Pual). 1D1 to be covered. 1D2 to be clothed. 1E (Hithpael) to cover oneself, clothe oneself.<sup>23</sup>

### Theological Wordbook of the Old Testament (TWOT)

**1008** כָּסָה (kāsā) I, **cover, conceal, hide**. In a few places used in the sense of “forgive.” (RSV, NASB and NIV similar.)

#### Derivatives

**1008a** כָּסוּי (kāsûy) **outer covering** of the tabernacle. Used only in Num 4:6, 14.

**1008b** כְּסוּת (kēsût) **covering**.

<sup>22</sup> Strong, J. (2001). *Enhanced Strong's Lexicon*. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

<sup>23</sup> Strong, J. (2001). *Enhanced Strong's Lexicon*. Bellingham, WA: Logos Bible Software.

**1008c** מִכְסֶה (*mikseh*) **a covering.**

**1008d** מִכְסֶה (*měkassēh*). In form, this word is a Piel participle and in its four usages can be handled as an active noun, “that which covers.”

The usual usage of the verb *kāsâ* I is the literal meaning “to cover.” Frogs covered Egypt (Ex 8:6 [H 2]). The pillar of cloud covered the tabernacle (Num 9:16).

It is also used more generally to mean “conceal” (Gen 37:26; Prov 10:18, KJV “hide”) or “overwhelm” (Prov 10:6, 11, NIV “overwhelm”). In Gen 7:19–20 the hills were “covered;” the Hebrew does not specify with what. The NIV specification of water goes beyond the Hebrew. The Hebrew may merely mean that the mountains were hidden from view by the storm.

It is probably the meaning “hide” that leads to the sense, forgive. In the well-known verse, Ps 32:1, “cover,” *kāsa* (Qal) is paralleled by “forgive” (*nāsā*). The word is used in v. 5 in the sense of “hide.” Psalm 85:2 [H 3] is very similar and has the same parallel (*nāsā*). This sense also occurs in Neh 4:5 [H 3:37] where the parallel is “blot out” (*māhā*). In Prov 17:9 and 28:13 the meaning is likely “conceal” (so NIV in the latter verse). The contrast is to confess or to make known. It is probably too much to found an OT theology of forgiveness on these verses in Ps and Nehemiah. It has been argued, more on the basis of *kāpar* “atone” (q.v.), which some translate “cover,” that the OT sacrifices merely covered sin until it was dealt with *de facto* on the cross. This view of course has the truth that the blood of bulls and goats could not pay the price of sin in the OT. But it seems that we should say that the OT sin was indeed forgiven by God on the basis of the final sacrifice to come. The OT sacrifices were symbolic and typical but the forgiveness was real. At least, the other words *nāsā*’ (take away), *māhā* (blot out), *sālah* (forgive), etc. imply a real forgiveness so that sins were removed to an immeasurable distance (Ps 103:3, 11–12).

כֶּסֶת (*kěsût*). **Covering.** Used only eight times, most of these referring to clothing. But note Gen 20:16 where “covering of the eyes” (*’ēnayim*) is taken by the NIV as “to cover the offense” (probably reading *’ēwōnîm*).

מִכְסֶה (*mikseh*). **A covering.** This noun refers mostly to the leather (KJV badgers’ skins, NASB porpoise skins, NIV hides of sea cows) covering of the tabernacle. Once it refers to the covering of Noah’s ark. Does this mean that the ark had a protective roof of animal hides?

**Bibliography:** Girdlestone, SOT, pp. 135–38.<sup>24</sup>

Die maklikste sal wees om die vertaling aan die hand van Strong’s verwysings te doen.

Strong's Verwysing	H8628	H7782	H2320	H3677 van 3680	H3117	H2282
Hebreeus	Taqa / תַּקַּע / תַּקַּע	shofar / שׁוֹפָר / שׁוֹפָר /	chodesh / בַּחֹדֶשׁ / חֹדֶשׁ	[kece <sup>1</sup> , keceh /keh·seh/] <sup>***</sup> / כֶּסֶה / כָּסָא (Kaf Samech Alef / Kaf Samech Hay)	l'yom / יּוֹם / לַיּוֹם	chag / חַג / חַגְגוּ
Engels	Blow	ram's horn	New , to be new, to be renewed		day	feast / festival
Afrikaans	Blaas	ramshoring	nuwe, om te hernuwe		dag	fees

<sup>24</sup> Harris, R. L. (1999). 1008 כֶּסֶה. R. L. Harris, G. L. Archer Jr., & B. K. Waltke (Eds.), *Theological Wordbook of the Old Testament* (electronic ed., pp. 448–449). Chicago: Moody Press.

Die grondwoord (*root word*) het dus die betekenis om te bedek, of om toe te maak en dit lyk of The Scriptures 2009 (ISR) se vertaling korrek is. Daar is sommiges wie van mening is dat die volmaan die begin van 'n maand is en hulle gebruik hierdie vers as bewys daarvoor, sien byvoorbeeld die 1953 Afrikaanse Vertaling, American Standard Version en die Literal Translation of the Holy Bible se aanhalings hierbo wat as bewys voorgehou word.

Die nuwemaan-dag is nie 'n Sabbat nie, alhoewel Amos 8:5 soms aangehaal word as bewys daarvoor:

**Amos 8:4-5** Hoor dit, julle wat die behoefte vertrap en daarop uit is om die ootmoediges van die land uit te roei, **5** deur te sê: Wanneer is die nuwemaan verby, sodat ons koring kan verkoop, en die Sabbat, sodat ons die graanskuur kan oopsluit — om die efa te verklein en die sikkels te vergroot en bedrieglik te handel met 'n valse weegskaal;

Ons lees nêrens dat die nuwemaan-dag 'n Sabbat is nie, bovermelde vers verwys dus na 'n ander gebeurtenis en die enigste gebeurtenis waarna Amos kan verwys is die Sabbatsjaar of moontlik die Jubeljaar wat met die aanbreek van die nuwemaan tot 'n einde kom. Ek is van mening dat Amos hierna verwys.

Die onderhouding van die nuwe maan, die kyk vir die nuwe maan is dus vir ons in die Skrif voorgeskryf en ons behoort dit elke 29½ dae te doen en dit is veral belangrik om die begin van die eerste en sewende maande korrek te bepaal want die vasgestelde tye van die eerste maand en sewende maand hang hiervan af!

## Ander Feeste

Daar is twee ander feeste waarvan ons in die Skrif lees en alhoewel dit nie in die Torah voorkom nie, is dit tog goed om hiervan kennis te neem en indien moontlik, die tersaaklike Skrifgedeeltes gedurende hierdie tyd te lees. Die eerste is Purim, 'n Hebreeuse woord wat 'lotte' (die lot werp) beteken en ons lees die verhaal in Esther hiervan:

## Purim / Lotte

**Est 9:14-18** En die koning het bevel gegee om so te doen; en 'n wet is in Susan uitgevaardig, en hulle het die tien seuns van Haman opgehang. **15** En die Yehudim wat in Susan was, het ook op die veertiende dag van die maand Adar (twaalfde Skrifuurlike maand) saamgekom; en hulle het in Susan drie honderd man gedood, maar na die buit hulle hand nie uitgesteek nie. **16** En die ander Yehudim wat in die provinsies van die koning was, het saamgekom en hulle lewe verdedig en gerus van hul vyande; en hulle het onder hul haters vyf en sewentig duisend omgebring, maar na die buit hulle hand nie uitgesteek nie. **17** Dit was op die dertiende dag van die maand Adar; en op die veertiende daarvan het hulle gerus en dit 'n dag van maaltyd en vrolikheid gemaak. **18** Maar die Yehudim wat in Susan was, het op die dertiende en die veertiende daarvan byeengekom, en op die vyftiende daarvan gerus, sodat hulle dit 'n dag van maaltyd en vrolikheid gemaak het.

**Est 9:24-28** Want Haman, die seun van Hammedáta, die Agagiet, teëstander van al die Yehudim, het 'n plan beraam teen die Yehudim om hulle uit te roei, en die Pur, dit is die lot, gewerp om hulle te vernietig en hulle uit te roei. **25** Maar toe dit voor die koning kom, het hy skriftelik bevel gegee dat sy wettelose plan wat hy teen die Yehudim uitgedink het, op sy eie hoof moes neerkom; en hulle het hom en sy seuns aan die galg opgehang. **26** Daarom noem hulle dié dae Purim, na die naam Pur. Hierom, vanweë al die woorde van daardie brief en wat hulle self daarvan gesien het en wat hulle oorgekom het, **27** het die Yehudim vasgestel en as insetting aangeneem vir hulle en hulle nageslag en vir almal wat hulle by hulle sou aansluit, sodat dit onherroeplik sou wees, dat hulle dié twee dae al jare



sou hou volgens die voorskrif daaromtrent en op die bepaalde tyd; **28** en dat dié dae herdenk en gehou moet word in al die geslagte, families, provinsies en stede, en dat dié Purim-dae onder die Yehudim nie afgeskaf mag word nie en die gedagtenis daaraan onder hulle nageslag nie mag ophou nie.

### Hanukkah / Fees van Ligte / Fees van Toewyding

Hanukkah is 'n agt-dag Joodse vakansietyd ter herdenking van die hertoewyding van die Tweede Tempel in Yerushalayim tydens die tyd van die Makkabese opstand teen die Seleukiede Ryk van die 2<sup>de</sup> eeu voor die Messias. Hanukkah word vir agt dae en nagte gehou, dit begin op die 25<sup>ste</sup> dag van die maand Kislev volgens die Skriftuurlike kalender, wat enige tyd vanaf die einde van November tot einde Desember in die hedendaagse Gregoriaanse kalender kan voorkom.

Die fees word waargeneem deur die aansteek van die ligte / kerse van 'n unieke kandelaar met nege takke, een bykomende lig op elke aand van die fees aangesteek, tot agt op die laaste aand. Die tipiese menorah bestaan uit agt takke met 'n bykomende visueel afsonderlike tak. Die ekstra lig / kers word 'n Shamash genoem en kry 'n duidelike plek, gewoonlik bo of onder die res.

Ons lees van hierdie fees in **Joh 10:22-23** En dit was die fees van die tempelwyding in Yerushalayim, en dit was winter. **23** En Yahushua het in die tempel gewandel in die pilaargang van Shelomoh (Salomo).

### Skrifgedeeltes wat Tradisioneel op Vasgestelde Dae Gelees en Bestudeer Word

Vasgestelde Tye / Feesdae	Torah	Haftarah	Nuwe Verbond
Pasga / <i>Pesach</i>	Exo 12:21-51, Num 28:16-25	Jos 5:2 tot Jos 6:1, Jos 6:27	Luk 22:1-38
Eerste dag van Ongesuurde Brode / <i>Matzot</i>	Lev 22:26 tot Lev 23:44, Num 28:16-25	2Kon 23:1-9, 2Kon 23:21-25	Luk 22:39-71
Sewende dag van Ongesuurde Brode / <i>Matzot</i>	Deu 15:19 tot Deu 16:17, Num 28:16-25	Jes 10:32 tot Jes 12:6	Luk 24:1-31
Fees van Weke / <i>Shavu'ot</i>	Exo 19:1 tot Exo 20:23, Num 28:26-31, Deu 15:19 tot Deu 16:17,	Eseg 1:1-28, Eseg 3:12, Hab 2:20 tot Hab 3:19	Hand 2:1-40
Fees van Geluide / <i>Yom Teru'ah</i>	Gen 21:1-34, Gen 22:1-24, Lev 23:24-25, Num 29:1-6	1Sam 1:1 tot 1Sam 2:10, Jer 31:2-20, Neh 8:1-18, Esra 3:1-6	1Thes 4:13-18
Dag van Verootmoediging / <i>Yom Kippur</i>	Lev 16:1-34, Lev 23:27-32, Num 29:7-11	Jes 57:14 tot Jes 58:14, Jona 1:1 tot Jona 4:11, Miga 7:18-20	2Kor 5:10-21
Fees van Tydelike Wonings / <i>Sukkot</i>	Lev 22:26 tot Lev 23:44, Num 29:12-16	Sag 14:1-21, 1Kon 8:2-21, Neh 8:8-18	Open 7:1-17
Agtste Dag / <i>Shemini Atzeret</i>	Deu 14:22 tot Deu 16:17, Num 29:35 tot Num 30:1	1Kon 8:54 tot 1Kon 9:1	Mat 17:1-9

**Nota:** Bovermelde is nie Skriftuurlike opdragte nie, enige gedeelte mag gelees word, hierdie is slegs 'n aanduiding van wat tradisioneel gelees word.

**Meer oor die sogenaamde “Vervangingsteologie”** (Uittreksel uit ’n artikel wat dr. Chris Koster meer as twintig jaar gelede geskryf het)

Soos voorheen vermeld, beteken dit basies dat *“Die Kerk het die plek van Yisra’el (Israel) ingeneem.”* Elke profetiese boek in die Skrif openbaar aan ons, en baie profetiese boeke praat selfs herhaaldelik van die geseënde “omdraai” van Yisra’el en die geseënde beloftes wat vir Yisra’el in die eindtyd wag.

Ek nooi enige iemand om te wys waar in die Skrif enige geseënde profetiese belofte vir die Kerk belowe word. Daar is nie so ’n teks nie - maar nêrens!

As die Kerk die reg aanvaar het om, waar die waar die woord “Yisra’el” in die Skrif geskryf is met “kerk” te vervang is, dan is die Kerk skuldig aan *“toe te voeg tot”* en *“weg te neem van”* wat geskryf is, onthou die hele Skrif is geïnspireer deur Elohim (**2 Kepha 1:20-21**) en bevestig in **2 Pet 1:20-21**, *“terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif ’n saak van eie uitlegging is nie; 21 want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Afgesonderde Gees gedrywe, het die afgesonderde mense van Elohim gespreek.”*

Dit is presies wat Yahushua in **Matt 13** geprofeteer het (in die gelykenis van die Saaier en die gelykenis van die onkruid) wat sou gebeur. Satan het gesien dat die Woord van Elohim (die koring) weggeneem word, en op dieselfde tyd sien hy toe dat die onkruid gesaai word - die onkruid wat ’n vervalste koring is. Yahushua openbaar dan aan ons in **Matt. 13:41** dat dit wetteloosheid is wat uitspuit en dan in die vorm van *“hulle wie wetteloosheid doen”* aanneem.

Sha’ul geprofeteer ook oor hierdie wetteloosheid wat diegene wie bely om Elohim te aanbid, sal oorneem (**2 Thess 2: 3-12**), en maak gebruik van die woord “wettelose(heid)” in nie minder nie as drie plekke in hierdie gedeelte.

In **Dan. 11:31** en **12:11** lees ons twee keer van die *“afgeskaf”* van *“wat voortdurend is,”* en dan die oprigting van *“die gruwel wat opgerig is.”* Yahushua herhaal dit in **Matt 24:15** - die waarheid is verwoes en die “gruwel” is in die aanbidding opgerig!

Die Hemelse BoodsAPPER het aan Daniël geopenbaar wat die nasies aan die ware aanbidding sal doen. Kom ons lees ’n paar uittreksels uit **Dan 8:11-25**: *“En dit het dit wat voortdurende is van Hom weggeneem, en die waarheid op die grond gegooi ... om beide die afgesonderde plek en die gasheer onder die voete te vertrap ... en vernietig helde en die afgesonderde mense ... hy sal met bedrog in sy hand voorspoedig maak ... en sal selfs teen die Prins van die prinse staan.”*

Die geskiedenis bevestig dat dit die heidense Grieke en Romeine is wat die Waarheid oorgeneem en verwoes en hulle heidense tipe aanbidding ingestel het en dit met die Messiaanse geloof vermeng het. Tog het Yahuweh alle kompromieë met heidense aanbidding en heidense gebruike streng verbied. Lees dit self in **Jer 10: 2, Lev. 18: 3, Deu 12:30 & 18: 9, Ese 11:12 & 20:32, Efe 4:17, 1Pet 4: 3**.

In **Jer 16:19** vind ons ’n eindtyd-profesie van die nasies wat in die Dag van Benoudheid (die Groot Nood) na Yahuweh kom, en sê dat hulle *“net valsheid”* of *“net leuens”* van hulle vaders geërf het. Dit is in teenstelling met Yisra’el wat *“omdat jy die beliggaming van die kennis en die waarheid in die wet het”* (**Rom 2:20**), Yisra’el wat toevertrou is met die woorde wat Elohim gegee het (**Rom. 3: 2**). In **Psa 147: 19** lees ons dat *“omdat jy die beliggaming van die kennis en die waarheid in die wet het,”* aan Yisra’el gegee is en in vers **20** sê dit, *“So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie”*.

Laat ons kyk na **Matt 13** waar Yahushua ons gewaarsku dat Satan (handelend deur sy bese voëls) die Woord van Elohim sal wegneem of verteer, dat Satan ook die vervalste koring sal saai, die onkruid, die wetteloosheid. Watter Christelike denominasie handhaaf die Torah / Wet van Elohim? Baie min van hulle! En diegene wat bely dat hulle dit handhaaf, watter van hulle hou al Tien Woorde - insluitend die naam van Yahuweh en Sy Dag, soos vervat in die Tien Woorde? Onthou: in **Ya’acov (Jakobus) 2:10** lees ons, *“Want wie die hele Torah (wet) onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.”*

Selfs as ’n mens hom mooi gedra (soos alle kerke en gelowe in alle dele van die wêreld probeer om hulle mense te kry om te doen), en *“nie steel nie”* en *“nie moord pleeg nie”*, ens. maar die Sabbatsgebod

vertrap (nie onderhou nie), so 'n persoon is nog steeds wettelose en buite die ewige verbond (bv. **Exo 31:16**) en is hy nog steeds in slawerny aan sonde.

In **Matt 13:33** vertel Yahushua nog 'n gelykenis van wat gaan gebeur: "*Suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat alles ingesuur was.*" In die Skrif word suurdeeg altyd in 'n negatiewe lig beskou as die woord figuurlik gebruik word. Is dit nie die vrou van **Open 17** wat die suurdeeg van ondeug en boosheid (**1Kor 5: 8**) in die ete (grond koring) ingewerk het tot ALLES ingesuur was nie? Is dit nie hierdie vrou (Rome) wat al die heidense bose en growwe gruwels ingewerk en weggesteek (wat wetteloosheid beteken) het in van die Woord van Elohim nie?

Diegene van ons wat ywerig ondersoek en soek na Yahuweh in hierdie eindtyd waarin ons lewe, dié van ons wie op soek is om Elohim in Gees en in Waarheid te aanbid, moet die Gees van Waarheid toelaat om ons in staat te stel om te onderskei tussen die ware aanbidding (wat aan Yisra'el gegee is) en die heidense vervanging, om te onderskei tussen die Woord van Elohim en die vervalste koring wat deur Satan gesaai word.

Wat behels hierdie "Vervanging"? Soos voorheen vermeld, sê dit dat die Kerk die plek van Yisra'el ingeneem of vervang het. Trouens, baie van die denominasies, indien nie almal van hulle nie, óf verkondig óf gee subtiel die indruk dat hulle nou die uitverkore volk is - terwyl Yisra'el die volk is wat deur Yahuweh gekies om sy Mense te wees. Op grond van hierdie vervanging gedagte, bely Rome dat sy nou die ewige stad is, in plaas van Yerushalayim (Jerusalem) - Lees **Psa 48: 8** en **125: 1** - Yerushalayim is die ewige stad!

Kom ons kyk na sommige van die komponente van die Vervangingsteologie, almal van hulle as bewyse van hierdie vervanging, hierdie valse koring van Satan:

- (1) Sondag, die dag van die Son-idool (god), wat Rome die Sabbat van Yahuweh mee vervang het - die Sabbat wat Elohim reg aan die begin by die skepping geseën en afgesonder het.
- (2) Die feeste wat Yahuweh aan Yisra'el gegee het, (as 'n wet vir ewig), is vervang met heidense feeste, bv. Kersfees, Paasfees-Sondag, Ash Woensdag, Lent, ensovoorts.
- (3) Die naam van Yahuweh is vervang met die name van heidense idole (gode) - Here, God, Herr, Lord, Pan Bog, uNkulunkulu, Modimo, ens.
- (4) Die wette wat betrekking het op skoon kos, en vermyding van bloed in die vleis, is vervang met die heidense eetgewoontes.
- (5) Die Messiaanse Skrifte (Nuwe Verbond / nuwe testament) stel dit duidelik dat die Messias op 'n paal tereggestel is en nie op 'n kruis, soos die kerke valslik leer, nie. Die kruis was 'n ou son simbool.
- (6) Die hele Skrif stel dit duidelik dat daar een Allerhoogste Elohim, El Shaddai, El Elyon is, wie se Verbondnaam Yahuweh is. Lees hierdie feit van die Allerhoogste Elohim in **Deu 6:4**, **Markus 12:29**, **12:32**, **1Kor 8: 6**, **Efe 4: 6** en **1Tim 2: 5**. Die Kerk aan die ander kant, in die jaar 325 by die Raad van Nicea, vervang hierdie Skriftuurlike leer met die Heidense idee van drie-in-een (of een-in-drie, soos hulle later probeer om dit te verduidelik). Dit was drie-in-een wat gemeenskaplik in die meeste heidense gelowe was. Selfs die Latynse "Trinitas" (Trinity) wat hulle ingebring het, kan na Hindoeïsme se "*Trinita*" teruggespoor word, die idool wat drie keer getroud was.
- (7) Of dit een-drie, of drie-in-een is, dit is 'n poging om die Messias gelyk met die Vader te stel. Nee, Yahushua is van dieselfde stof as die Vader, maar Hy is ondergeskik aan die Vader. Hy het self in **Joh 14:28** gesê: "*My Vader is groter as Ek.*" Ons vind 'n verdere bewys waar Hy die oppergesag van Sy Vader erken - **Matt 24:36** en **Markus 13:32**. In **1Kor 11: 3** lees ons duidelik dat Elohim (die Vader) die Hoof van die Messias is! Herhaaldelik vind ons dat ons Messias ons Middelaar tussen Sy Vader en ons is.

- (8) Een van die mees gewilde leerstellings van die Kerk is dié van "*hemel toe gaan*." Niemand gaan na die hemel toe nie. Die Regering (Koninkryk) van die hemel kom na die aarde toe - dit is wat ons in die Skrif lees! Die "*hemel toe gaan*" was 'n gewilde heidense leerstelling.
- (9) Plato, die Griekse filosoof, was die een wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die verspreiding van die sogenaamde "*onsterflikheid van die siel*," en die kerk het bloot hierdie Griekse filosofie opgeneem om die massas te paai. Net by die opstanding sal die gelowiges onsterflikheid aanneem (**1Kor 15:53-54**)!

Het ons verdere bewyse nodig van hoe die heidene die ware aanbidding met hul eie "Ersatz" (Duits vir *vervanging of plaasvervanger*) verdring of vervang het deur die besoedeling van die Messiaanse Aanbidding, om die massas te paai, die opstel van 'n vervalste heidense namaaksel, vermenging, gekompromitteer, heeltemal ingesuur en oorwegend wetteloos?

### Opsomming

Hierdie artikel is glad nie 'n volledige analisering van alle aspekte van die Feeste nie, en dit was ook nie die doel van die artikel nie. Die oorspronklike doel was om 'n paar gedagtes rondom die Feeste daar te stel, wat toe verder ontwikkel het.

Die leser hiervan sal hopelik die nodigheid verstaan waarom ons in stap met die plan van Yahuweh moet kom, soos dit deur die Feeste / Vasgestelde Tye daargestel is. Dit sal aanvanklik vreemd wees om te begin om te onderskei tussen tradisie en die wil van die Vader. Sommige mense noem diegene wie die wil van Yahuweh doen, *weird* – laat dit dan so wees. Ons weet nie altyd waarom Yahuweh sekere opdragte gegee het nie, maar ons moet eenvoudig daaraan gehoorsaam wees – dit is tot ons eie beswil. Deur gehoorsaam te wees sal ons mettertyd begin om te leer en te verstaan wat die rede van die Feeste is. Die Vasgestelde Tye / Feeste moet ondersoek word in die konteks van die ewige Verbond wat Yahuweh met Yisra'el gesluit het. As ons deel van daardie Verbond is, dan moet ons hierdie Vasgestelde Tye van Yahuweh doen en verstaan.

Soms ontdek ons iets wat so eenvoudig is dat ons dikwels daarvoor lees sonder om dit te raak te sien. Dieselfde geld met die plan van Yahuweh. In plaas daarvan om Sy Woord net soos dit geskrywe is soos kindertjies te aanvaar en dit in alle opregtheid te glo, begin ons ons eie redenasie gebruik om sodoende ons eie gedagtes in die Woord van Yahuweh te plaas, dikwels om ons eie oortuiging te ondersteun, in plaas daarvan om die Woord van Yahuweh toe te laat om met ons te praat.

**Heb 11:6** En sonder geloof is dit onmoontlik om Elohim te behaag; want hy wat tot Elohim gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Eenvoudig glo net, glo dat die opdragte van Yahuweh vir ons goeie doel gegee is. Yahuweh doen niks, behalwe wat vir ons goed is en ons moet inpas in Sy plan en nie probeer om sy Woord in ons plan in te pas nie. Van die begin af is Satan besig om te probeer om die Woord van Yahuweh te vernietig en Satan het baie mislei om te dink Sy Woord is nie meer belangrik nie en dat Hy nie werklik dit in ons nuwerwetse samelewing van ons verwag nie. Die hele plan van Yahuweh van Genesis tot Openbaring is vir die redding van die mensdom. Reg van die skepping af is Yahuweh se plan in werking gestel en as ons net sal glo en dit volg, sal ons gered word. Tans vind ons onself te midde van die uiterste ongeloof en die wêreld is in duisternis oor Yahuweh se plan. Satan is suksesvol in sy pogings om Yahuweh se Woord in die gemoedere van die meeste mense tot niet te maak. Tog, Sy Woord is waar en wanneer Yahshua terugkom sal Hy 'n paar vind wie probeer om Sy wil te doen, soos geskrywe is.

**2Ti 3:16-17** Die hele Skrif is deur Elohim ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, **17** sodat die mens van Elohim volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Ons moet oppas om nie skuldig te wees deur by die Woord van Yahuweh te voeg of daarvan weg te neem nie en sodoende verdoemenis oor onself te bring nie – **Deu 4:2, Deu 12:32, Open 22:18-19**.

Sommige sê dat Yahuweh se Vasgestelde Tye of Feesdae geskryf is vir die mense wie voor Yahshua geleef het en dat, aangesien dit nie in die Tweede Verbond Skrifte (Nuwe Testament) verduidelik word hoe om dit te hou nie, dat dit nie vir ons bedoel en belangrik is nie.

Moenie mislei word nie, Yahuweh se Woord is vir Sy mense van alle geslagte en deur alle eeue. Die rede waarom die Tweede Verbond Skrifte nie verduidelik hoe die Vasgestelde Tye gehou moet word, is omdat dit in die Eerste Verbond (ou testament) geskryf en verduidelik is, die bron van Yahuweh se opdragte aan die mens. Daar is geen melding in die Tweede Verbond Skrifte (of enige ander plek in die Skrif) dat Yahuweh se Afgesonderde Dae afgeskaf is nie. Sha'ul (Paulus) verkondig dit aan die heidene in Kolosse toe hy gesê het: "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of Sabbat nie, . . ." **Kol 2:16**. Al sê Sha'ul vir ons dat Yahushua as ons Pasgalam vir ons geslag is (**1Kor 5:7**), is dit steeds nie 'n opdrag dat die lam nie meer vir Pasga geslag moet word nie – dit is ons eie redenasie om so iets in hierdie vers te lees, net soos dit is om in **Spreuke 31** te lees dat die man nie verantwoordelik is vir die onderhouding van die huisgesin nie. Dit is gevaarlike terrein en ons is op uiters dun ys om so iets hierin te lees. Die Skrif sê vir ons in **Gen 2:15** Toe het Yahuweh Elohim die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak, dan lees ons in **Gen 2:24** Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees. Hierdie is vóór die sondeval gegee, ná die sondeval het Yahuweh gesê dat die man in die sweet van sy aangesig sal moet werk om brood te verdien en die vrou sal met pyn kinders baar (**Gen 3:16 en 19**).

**Spreuke 31** prys die deugde van 'n vrou wat passievol verantwoordelikheid vir so baie aspekte van die behoeftes van haar familie neem. So 'n vrou moet hoog geag deur haar man en deur andere. Dit is nie Yahuweh se Torah dat 'n vrou sonder hierdie deugde gesondig het nie – nee, dit stel 'n standaard vir enigeen wie probeer om voluit 'n diens aan Yahuweh te lewer. Dit is duidelik dat vrouens aangemoedig word om dieselfde gesindheid as die vrou van **Spreuke 31** hê. Dit gesê, laat ons let op die outonomie of onafhanklikheid wat sy het in groot sake soos om vaste eiendom te koop en te verkoop. Dit is nie 'n vrou wat geen regte het nie! Interessant genoeg is dat die rol van die man nie deel van die onderwerp hier is nie. Die feit dat hy saam met die oudstes in die poorte sit beteken nie dat hy 'n ouderling is nie, maar net dat hy hulle ken en met die oudstes gesels. Natuurlik kon hy 'n ouderling gewees het, dit word nie gesê nie. Dit kan wees dat sy vrou hom so goed versorg dat selfs die oudstes daarvoor praat. Daar is geen kommentaar in hierdie gedeelte oor wanneer of hoe dikwels hy saam met die ouderlinge sit nie - die hele dag elke dag, of slegs 'n rukkie op sekere dae, miskien selfs nadat hy sy werk wat hy gewoonlik doen voltooi het.

Wanneer Yahuweh man en vrou verenig, word hulle een (**Gen 2:24**) - hulle gemeenskaplike welsyn is verweef. Elkeen is bekommerd oor die algemene goed van die huisgesin, want dit is Yahuweh se wil. Die werklike inkomste wat verdien word, word deur een, of deur die ander, of deur beide gedoen.

Yahuweh het die mens die weeklikse Sabbat as 'n herinnering aan Hom gegee dat Hy, Yahuweh, ons Skepper is. Die jaarlikse Sabbatte en die afgesonderde Feesdae is gegee om Sy volk in konstante herinnering aan Hom en Sy plan vir ons verlossing te hou. Die Feeste vertel die hele verhaal van Sy plan op 'n simboliese wyse om ons gedagtes voortdurend op Hom gefokus te hou, sodat ons nie in Satan se plan geboei raak wat ten doel het om ons te vernietig nie. Net soos die wêreld verblind is oor die onderhouding van die Sabbat, so is hulle ook verblind oor hulle Skepper, Yahuweh. Die pragtige simboliek van Yahuweh se Feeste en wat dit verteenwoordig, neem ons stap vir stap soos ons dit onderhou om 'n beter begrip van Sy wonderlike plan vir Sy volk te kry en te verstaan.

Wanneer ons nie dié tye onderhou nie, mis ons uit op die diepte en skoonheid van Sy groot wysheid en hoe Hy probeer om ons op die pad te lei soos ons deur die duisternis van hierdie wêreld loop wat grootliks deur Satan beheer word.

Die weë van Yahuweh is waarlik ver bo ons weë (**Jes 55:9**) want Hy weet dat sonder 'n visie Sy mense verlore sou vergaan. Ek glo dit is waarom Hy dit so belangrik beskou om ons die Feeste te gee sodat ons geestelik kan herleef en ons geloof hernu sodat ons kan voortgaan met 'n veel groter hoop. Omdat die mense van die wêreld Yahuweh se Sabbatte en Vasgestelde Tye / Feesdae vergeet het, word

hulle nie meer Sy volk genoem nie (**Hos 1:9**) en daarom sal hulle geen deel van Sy koninkryk hê nie en ook nie Sy seëninge ontvang nie.

Net so, is dit nie moontlik dat ons ook, wie die Sabbat en Yahuweh se Vasgestelde Tye ken, maar versuim om dit te onderhou, dat ons die groot plan van verlossing van Yahuweh sal misloop wanneer Yahushua terugkeer vir sy eie nie?

Waar laat dit ons nou? As ons na die Suid-Afrikaanse kalender kyk, sien ons vele vakansiedae, sommige is religieuse vakansiedae en ander weer oor die land se geskiedenis. Sommige mense is van mening dat daar te veel vakansiedae is en dat dit die ekonomie negatief beïnvloed. Die religieuse vakansiedae is Goeie Vrydag, Paassondag en Kersfees. Daar is mense wat ook die Opstanding van Yahushua herdenk.

Nie een van hierdie vakansiedae word vir ons in die Skrif voorgeskryf om te onderhou nie, maar tog onderhou die oorgrote meerderheid christelike kerke hierdie dae, maar dieselfde kerke het baie redes en verskonings waarom die Vasgestelde Tye van die Skrif (insluitend die weeklikse Sabbat) nie meer onderhou moet / mag word nie. Elkeen van die religieuse vakansiedae wat die kerke onderhou kan na sonaanbidding teruggevoer word! Wil ons deel van die groep wees of wil ons afgesonder wees vir Yahuweh? **Hand 4:19** Toe antwoord Kepha (*Petrus*) en Yochanan (*Johannes*) en sê vir hulle: Of dit reg is voor Elohim om julle meer gehoorsaam te wees as Elohim, moet julle self beslis; **Hand 5:29** En Kepha en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan Elohim meer gehoorsaam wees as aan die mense.

Die mense wie glo dat die ‘kerk’ Yisra’el vervang het, die sogenaamde “vervangingsteologie” (*replacement theology*) moet besef dat hierdie idee nie Skriftuurlik is nie, ons lees dan in Openbaring dat die nuwe Yerushalayim (Jerusalem) twaalf poorte sal hê met die name van die twaalf stamme van Yisra’el **Open 21:12** En dit het ’n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf boodskappers, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Yisra’el. Daar is nie ’n poort vir hierdie of daardie kerk of geloof of groep nie, nee, ons moet deel word van Yisra’el om enigsins ’n kans te hê om by een van die poorte in te gaan, ons moet as wilde olyftakke op die wortel van die olyfboom ingeënt word (**Rom 11:17**). Dit is net Yisra’el wat in die Skrif met ’n olyfboom geïdentifiseer word: **Jer 11:16** Yahuweh het jou die naam gegee: groen olyfboom, skoon deur mooi gevormde vrugte; maar by die geluid van ’n groot gedruis het Hy ’n vuur daarteen aangesteek, en sy takke het gebreek. **Hos 14:6** Sy lote sal uitsprei, en sy prag wees soos dié van ’n olyfboom en sy geur soos die Libanon.

Yahuweh het net een wet of een stel voorskrifte gegee, nie afsonderlike wette vir verskillende mense of groepe of kerke nie: **Exo 12:49** Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef. **Lev 24:22** Net een wet moet daar vir julle wees die vreemdeling moet soos die kind van die land wees; want Ek is Yahuweh julle Elohim. **Num 15:15-16** Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef. ’n Ewige insetting in julle geslagte is dit: soos julle, so moet die vreemdeling voor die aangesig van Yahuweh wees. **16** Een Torah (wet) en een reg moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef.

Deur gehoorsaamheid aan die opdrag van Yahuweh om bloed aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel te verf is Yisra’el onder die slawerny uit Mitsrayim (Egipte) gered en ons kan op dieselfde belofte staatmaak dat ons deur gehoorsaamheid aan Yahuweh se opdragte gered sal word.

Wat sal ons eendag sê as Yahuweh vir ons vra waarom ons nie Sy Vasgestelde Tye onderhou het nie? Sal dit enigsins van waarde wees om te sê dat doktor of professor so-en-so se boek in groot detail verduidelik het waarom Yahuweh se Vasgestelde Tye nie meer op ons van toepassing is nie?

’n Vraag word dus gevra: Is dit nodig vir christene om die Vasgestelde Tye / Feeste te hou? Indien hulle die wil van die Vader wil doen, sal hulle die Vasgestelde Tye noodgedwonge moet onderhou, anders doen hulle nie die wil van die Vader nie. En dit sluit nie net die Vasgestelde Tye in nie, maar ook elkeen van die ander gebooie, insluitend om net rein vleis te eet, mans moet nie vrouens se klere aantrek nie, om nie die Naam van ons Vader tot niet te maak nie, om nie leuens te vertel nie, om ons ouers te respekteer, ensovoorts – lees en bestudeer veral die eerste vyf boeke van die Skrif, maar moet nie die res van die Skrif nalaat nie.

Yahuweh vra vir ons om afgesonder (heilig) te wees soos wat Hy afgesonder is (**Lev 11:44; 19:2; 20:26; 1Pet 1:16**), indien ons dan doen wat die oorgrote meerderheid van mense, kerke, groepe, gelowe, ens. doen, is ons dan afgesonder vir Yahuweh? Die heel laaste vers in die Skrif sê dat die guns van Yahushua by Sy afgesonderdes sal bly:

**Open 22:21** Die guns van ons Meester Yahushua die Messias bly by al Sy afgesonderdes.  
Amein.

Kom ons kyk weer wat Yahuweh van Sy kinders verlang - **Deu 10:12-13** En nou, Yisra'el, wat eis Yahuweh jou Elohim van jou as net om Yahuweh jou Elohim te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en Yahuweh jou Elohim te dien met jou hele hart en met jou hele siel, **13** om te hou die gebooe van Yahuweh en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?

**Open 18:4** En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes (sonde is oortreding van die Torah – **1Joh 3:4**) mag hê en van haar plaë ontvang nie. Dit wil sê ons moet ons distansieer van dít wat nie van Hom afkomstig is nie en van dít wat Yahuweh nie van ons verwag nie.

**Rom 7:12** Dus is die Torah (wet) afgesonder en die gebod is afgesonder en regverdig en goed.

**Psa 1:1-2** Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die wettelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; **2** maar sy behae is in die Torah van Yahuweh, en hy oordink sy Torah dag en nag.

**Psa 119:1** Alef. Welgeluksalig is die opregtes van weg, wat in die Torah van Yahuweh wandel.

**Psa 119:44** Dan wil ek u Torah altyddeur onderhou, vir ewig en altyd,

Ek en my huis sal Yahuweh dien en sal poog om elkeen van sy opdragte na te kom en om nie redes of verskonings te soek om dit nie te doen nie.

Laat ons Yahuweh vra om ons op hierdie pad te lei, om Sy wil te soek en die deursettingsvermoë te kry om daarmee voort te gaan, al beteken dit om in stryd te kom met ons vriende en familie. Yahushua sê vir ons dat ons ter wille van Sy Naam deur die mense gehaat sal word (**Mat 10:22**), en dit is inderdaad so, maar dit is tog die moeite werd.

Johan Marais  
Junie 2015

oooOOOooo

NOTA:

Qodesh Books ([www.qodesh.co.za](http://www.qodesh.co.za)) stel jaarliks 'n kalender saam wat op bovermelde gebaseer is en kan gratis van hulle web tuiste afgelaai word.

*Practical Papers for the Bible Translator, Vol 35, No 2, April 1985 - Translating The Names Of God: How To Choose The Right Names In The Target Language*

202

THE BIBLE TRANSLATOR

(VOL. 35 NO. 2)

PRACTICAL PAPERS FOR  
**THE BIBLE  
 TRANSLATOR**

EDITOR: EMMET FRY

EDITORIAL ASSISTANT: JACEDYN MURRAY

*Published twice yearly  
 (April and October)  
 by the United Bible  
 Societies  
 Vol. 36, No. 2, April 1985*

JACOB A. LOEWEN

**TRANSLATING THE NAMES OF GOD: HOW TO  
 CHOOSE THE RIGHT NAMES IN THE TARGET  
 LANGUAGE**

Dr. Jacob Loewen is a recently retired UBS Translations consultant resident in Canada

During my early years as translation consultant with the Bible Society in South America, I had the privilege of checking the translation of the New Testament into the Maquiritare language spoken in south-western Venezuela. As we neared the completion of that New Testament, I began to feel increasingly uneasy about the word for "God", *Diyó*, which the team was using. Each time I voiced my concern about the fact that the name was borrowed from a European language and not a Maquiritare name, the translators assured me that they too, felt uncomfortable about that name, but that there was nothing they could do about it, because the Maquiritare language just did not have an adequate word. There was, they said, a culture hero called *Wanaari*. He was spoken of as having done some of the things the Bible ascribes to God, but he was also the "lyinkest", "cheatingest" and most immoral character in tribal folklore and hence totally unfit for the divine name in the Bible.

When we had completed checking the New Testament I still could not shake off my uneasiness about the divine name, so I asked that the team take several months to pray and to listen carefully to see if there really was no local name for God that could be used. I promised that if after three months of honest search on their part, they did not turn up an adequate answer, I would authorize the printing of the New Testament using the loanword *Diyó* to express God.

Before two months had passed I received an excited letter. The translators, true to their promise, had accompanied a team of evangelists to a remote corner of Maquiritareland. The evangelists preached and taught and the translators listened. To the surprise of the translators the evangelists, all Maquiritare church elders, dropped the name *Diyó* and preached only about *Wanaari* as soon as they got into the previously unevangelized area. The trip lasted several weeks and during the whole time the name *Diyó* was never used.

On the way home the translators confronted the evangelists with the question: "How come you always used the name *Wanaari* among these people while in our churches at home you always use *Diyó* to speak about God?"

The answer: "These people know no Spanish, so they have never heard the name *Diyó* or *Diyó*. The only name for God they know is *Wanaari*."

201

"But what about all the deception and all the acts of immorality which Wanaari committed? How could he be the God of the Bible?"

The answer: "Oh, those things? Don't you know that they are all bad gossip stories that the devil invented so that the people would not follow Wanaari's way?"

With one bold stroke a whole tribal mythology of the now "bad" stories about *Wanaari* had been reinterpreted. And the end result was that the church decided to use *Wanaari* rather than *Diyó* to express God in the New Testament about to be printed.

Just as these Maquiritare translators had to ask some pointed questions before they could reach the right answer in their situation, so I want to raise a series of questions in this article with the hope that they will help translators everywhere in making better choices of words to express the divine names in the languages in which they are working.

**When may a translation use a loanword to express God's name?**

During my years of overseas service I have been surprised at how many groups I have met that either began to hear or are still hearing a gospel in which God's name is a loanword. Sometimes God's name has been borrowed from a neighboring or a related tribal language. Sometimes it has been borrowed from a trade or a colonial language. With my anthropological background I had a bias against loanwords from a different language in such important areas as the name of God. However, I have since realised if we take

*what they did many centuries ago, they are still doing, and feel justified in doing it.  
 Our Elohim emphatically commanded in Ex. 23:13 and make no mention of other mighty ones, neither let it be heard out of thy mouth. He further commanded His people to destroy the names of the mighty ones of the pagans — Deut. 12:3 — not to use them!*